Finansiële Afwentelings	Afwenteling van magte soos deur die rekenpligtige gesag kragtens artikel 44(1) en 44(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, uitgereik is.
VKB-afwenteling	Afwenteling van magte uitgereik deur die rekenpligtige gesag kragtens artikel 44(1) en 44(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999.
Wesenlikheidsraamwerk	Daar word van die rekenpligtige gesag verwag om 'n raamwerk van aanvaarbare vlakke van wesenlikheid en beduidendheid saam met die Uitvoerende Gesag, in oorleg met eksterne ouditeurs, te ontwikkel en goed te keur.
Bedrogvoorkomingsplan	Die beleid voorsien responsmeganismes om voorvalle van bedrog wat die Entiteit mag beïnvloed, aan te meld, te ondersoek en op te los.

Beleid	Beskrywing
Strategie- en Implementeringsplan vir Ondernemings-risikobestuur	Om uitvoering te gee aan die vereistes van artikel 51(1)(a)(i) van die WOFB, Wet 1 van 1999, wat vereis dat die rekenpligtige gesag moet verseker dat die Entiteit 'n doeltreffende, effektiewe en deursigtige stelsel van finansiële en risikobestuur en interne beheer het en daarby hou.
Vergoeding van lede	Om betalings aan lede van EWK te fasiliteer wat genomineer is om konferensies, projekte vergaderings en werkwinkels namens die Entiteit by te woon.
Voorsieningskettings-bestuursbeleid	Om voorsieningskettingbestuur in die Entiteit te reguleer.


7.4 Regspraak

Hofsaak	Verwysing	Beskrywing
Louis Johannes Raubenheimer v die Trustees van die Hendrik Johannes Bredenkamp Trust en Ander	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 10228/2004	Die uitspraak sit uiteen wat 'n 'bona fide-belang' in 'n besluit van 'n erfenisowerheid behels, wat locus standi sal oordra om kragtens die WNEH te appelleer. Die Hof het bevind dat dit 'n werklike belang moet wees, en nie bloot 'n sentimentele gehegtheid aan die erfenishulpbron nie.
Top Performers (Pty) Ltd v Minister van Kultuursake en Ontspanning	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 5591/2005	Die saak het 'n wesenlike invloed op die appèlprosesse van die tribunale wat deur die LUR aangestel is kragtens Artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gelees saam met Regulasie van P.K. 336 van 2003. Die DKES en die LUR het regstellende stappe gedoen om billike administratiewe prosesse te verseker en voorsiening gemaak vir die toelating van nuwe bewyse in die rekord van 'n tribunaalproses, asook beter voldoening aan die reëls van natuurlike reg kragtens die audi alteram partem maxim.
Die Vereniging van Voorsitters v Minister van Kuns en Kultuur	Appèlhof, saaknommer 25/2006	Hierdie uitspraak bepaal wat voldoende konsultasie behels met plaaslike gemeenskappe en ander belanghebbendes ten opsigte van voorgestelde veranderinge aan geografiese name. Die DKES en die Wes-Kaapse Komitee oor Provinsiale Geografiese Name, wat deur die LUR in die lewe geroep is, is belangrike rolspelers in die implementering van die betrokke wetgewing, veral ten opsigte van die fasilitering van konsultasies met belanghebbendes en gemeenskappe. Hulle moet hierdie uitspraak in die prosesse en prosedures wat hulle gebruik om voorgestelde veranderinge aan geografiese name te bestuur, in ag neem.
Qualidental Laboratories v Erfenis Wes-Kaap	Appèlhof, saaknommer 647/2006	Hierdie uitspraak bevestig die magte wat aan die LUR en Erfenis Wes-Kaap toegeken is om kragtens artikel 48 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 voorwaardes vir 'n ontwikkeling op te lê.
Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron-agentskap v die Arniston Hotel Property (Pty) Ltd en nog een	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 5446/2006	Die uitspraak handel oor die kwessie van werk wat onder die Nasionale Bouregulasies goedgekeur is vóór die instelling van 'n formele beskerming kragtens die WNEH en kwessies van die geldigheid van 'n kennisgewing van voorlopige beskerming.

Hofsaak	Verwysing	Beskrywing
Willows Properties (Pty) Ltd v Minister of Kultuursake en Sport	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 13521/2008	Die eiser het 'n dringende aansoek in die Hooggeregshof gebring om die LUR te verplig om 'n besluit te neem, of, alternatiewelik, die Rekord van Besluitneming ten opsigte van 'n appèl wat by die LUR ingedien is, kragtens artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gelees saam met Regulasie 12(7) van PK 336 van 2003, uit te reik. Die impak van die uitspraak op die DKES is dat dit moet verseker dat tribunale Rekords van Besluitneming betyds uitreik. Regstellende maatreëls is geïmplementeer.
Waenhuiskrans Arniston Belastingbetalersvereniging en ander v Verreweide Eiendomsontwikkeling (Edms.) Bpk. en ander	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 1926/2008	Die Hof moes oorweeg of die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbrongagentskap of Erfenis Wes-Kaap jurisdiksie het ten opsigte van terreine wat deur die SAEHA as Graad 1-terreine kragtens artikel 35 en 36 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gegradeer is. Die Hof het bevind dat die SAEHA in sulke gevalle jurisdiksie het. Die implikasie van hierdie uitspraak vir EWK is dat die Departement wetlike bystand aan Erfenis Wes-Kaap moet bied om die wetgewing te interpreteer, en dit moet verseker dat EWK binne sy wetgewende mandaat optree.
Peter Gees v die Provinsiale Minister van Kultuursake en Sport, Wes-Kaap, die Voorsitter, Onafhanklike Appèltribunaal, Erfenis Wes-Kaap, Stad Kaapstad, Stadskom Belastingbetalers- en Inwonersvereniging	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 6205/2015	Die Hof het bevestig dat, ten spyte van die verskille in die feite in hierdie saak en dié in die Qualidental-saak, die oplegging van voorwaardes binne die parameters van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, val en konsekwent met die oorhoofse ontwerp van die Wet is. Kragtens artikel 34(1) van die Wet kan voorwaardes in 'n permit vir sloping van 'n bestaande struktuur wat ouer as 60 jaar is, opgelê word mits hulle vir 'n duidelike erfenisdoel opgelê word. In hierdie spesifieke geval is die voorwaarde gehandhaaf dat die erfenisowerheid die vervangingstruktuur in 'n sloping mag beheer. Dit het ook die kwessie aangespreek of die oplegging van sodanige voorwaarde 'n oortreding van artikel 25 van die Grondwet (eiendomsreg) is, en die bevel gehandhaaf dat dit nie die geval is nie.
Piketberg Plaaslike Erfeniskomitee en ander v Liebco Vleishandelaars Edms. Bpk. en ander (Erfenis Wes-Kaap 2de Respondent)	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 1103/2016	Aansoek vir hersiening van 'n besluit van EWK se Beboude-Omgewings- en Landskapskomitee (BOLK). Toestemming om 'n gebou op Erf 207 in Piketberg te sloop, is deur BOLK gegee. Die Piketberg Erfeniskomitee het by die Hooggeregshof aansoek gedoen om die besluit te hersien, aangesien dit nie aan die voorwaardes van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtheid voldoen nie. Die Hof het EWK se bestaande beleid oorweeg om slegs met geregistreerde erfenisliggame te konsulteer, en beslis dat, as die besluite wat geneem word, die potensiaal het om lede van die algemene publiek te beïnvloed, breër konsultasie vereis word. Dit sal beteken dat aansoekers hulle voorstelle vir kommentaar aan die algemene publiek moet adverteer.

Hofsaak	Verwysing	Beskrywing
Bryer NO en ander v EWK	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 16392/2017	Aansoek vir hersiening van 'n besluit van EWK om 'n opdrag om werk te staak, en 'n verklarende bevel oor of 'n aansoek kragtens artikel 38 van die WNEH nodig was, uit te reik. Dit het op 'n definisie van die 'sneller'-effek in art. 38(1) van 'n 'terrein groter as 5 000 m2' berus. Erfenis Wes-Kaap het die erfgrootte konsekwent as die sneller gebruik. Die eiser het geredeneer dat 'terrein' nie 'erf' beteken nie, en dat, hoewel die erf groter as 5 000 m2 is, in hierdie spesifieke geval, dit denkbeeldig in twee afsonderlike terreine verdeel kan word. Die Hof het hiermee saamgestem. Dis belangrik om daarop te let dat die hof nie besluit het dat die terrein gelyk aan die ontwikkelingsvoetspoor is nie. Die erfgrootte mag steeds 'n aanduiding van die grootte van die terrein wees, maar 'n meer genuanseerde benadering is nodig.
Bo-Kaap Burgerlike en Belastingbetalers-vereniging v Stad Kaapstad	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer, 7031/2017	Erfenis Wes-Kaap het as applikant aangesluit in hierdie aansoek om die besluit van die Stad Kaapstad om die konstruksie toe te laat van 'n veelvlakkige ontwikkeling op hierdie terrein, wat gedeeltelik 'n Beskermde Erfenisoorlegsone (BOES) is en aan die historiese Bo-Kaap grens. Erfenis Wes-Kaap was van mening dat die nabyheid van die ontwikkeling aan twee Provinsiale Erfenisterreine beteken dat dit die Provinsiale Erfenisterreine sou "verander" en dat 'n permit kragtens artikel 27 van die WNEH verkry moes word. Die Hof het nie hierdie argument aanvaar nie; dit het ook gekies om nie die besluit van Stad Kaapstad te hersien nie.
Midnight Storm Investments 170 (Edms)Bpk v Minister van Finansies en ander	Noord-Gautengse Hooggeregshof, saaknommer 46055/2015	Die eiser in hierdie saak het vergoeding van die staat en EWK geëis, voortspruitend uit 'n verklaring van 'n gedeelte van hulle grond as 'n Provinsiale Erfenisterrein (PET - die Baboon Point PET by Elandsbaai). Die eisers het beweer dat die verklaring hulle effektief van die reg gestroop het om die grond te ontwikkel en dat dit óf konstruktiewe onteiening óf onwettige oornome van hulle eienaarsregte soos deur art. 25 van die Grondwet beskerm word, beteken. Hulle het alternatiewelik vir 'n regsreëling gevra dat die WNEH ongrondwetlik is, aangesien dit die ontneming van eienaarsregte sonder vergoeding magtig. Die Hof het bevind dat die verklaring wettig is en dat dit nie op konstruktiewe onteiening neerkom nie. Die Hof het ook bevind dat die beskerming van eiendomsregte kragtens art. 25 van die Grondwet nie absoluut is nie, maar aan openbarebelangeregte onderworpe is.

8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR



DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING



L'Agulhas-vuurtoring, Kaap Agulhas

Die L'Agulhas-vuurtoring is die derde vuurtoring wat in Suid-Afrika opgerig is, in 1848, en dit is die tweede-oudste vuurtoring wat steeds in bedryf is. Die gebou is in 1973 tot 'n nasionale monument verklaar.

1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL: VOORAFBEPAALTE DOELWITTE

Die OGSA/ouditeur voer tans noodsaaklike prosedures oor die prestasie-inligting uit om beperkte sekerheid in die vorm van 'n auditgevolgtrekking te verskaf. Die auditgevolgtrekking oor die prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte is onder die opskrif Voorafbepaalde Doelwitte in die afdeling oor wetlike en ander regulatoriese vereistes in die verslag aan bestuur ingesluit.

Verwys na bladsy 60 van die Jaarverslag vir die Ouditeursverslag, gepubliseer as Deel F: Finansiële Inligting.

2. OORSIG VAN PRESTASIE

2.1. Diensleweringomgewing

Die 2024/2025-boekjaar het in die konteks van 'n verandering in politieke administrasie ontvou, wat van Erfenis Wes-Kaap (EWK) vereis het om kennis te neem van die skuif in regeringsprioriteite in die groeiende aanvraag vir verbeterde dienslewering, ekonomiese ontwikkeling en reaksies op hoë werkloosheidsvlakke. Die EWK gaan voort om in hierdie veranderende landskap die rol van erfenis as katalisator vir die aanvoer van maatskaplike gesprekke, die vorming van idees en 'n bydrae tot plaaslike ekonomieë te versterk. Die entiteit lewer steeds op sy wetgewende mandaat deur die doeltreffende funksionering van sy statutêre komitees, deurlopende dialoog met munisipaliteite oor erfeniskwessies en die verskaffing van professionele en tegniese begeleiding in erfenishulpbronbestuur.

EWK is die provinsiale erfenishulpbronowerheid (PEHO) wat verantwoordelik is vir die identifisering, beskerming, bewaring, bevordering en bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap. Sy wetgewende mandaat om erfeniskwessies in die provinsie te bestuur, is van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, die Grondwet van die Wes-Kaap en die Wet op Nasionale Hulpbronbestuur (Wet 25 van 1999) (WNEH) afgelei. Die wet vestig 'n drievlakstelsel vir erfenisbestuur: Nasionaal (Graad I), provinsiaal (Graad II) en plaaslik (Graad III), met EWK wat vir hulpbronne op provinsiale vlak verantwoordelik is. EWK is al langer as twintig jaar bedrywig as 'n funksionerende PEHO en het 'n institusionele raamwerk en stelsels ontwikkel wat suksesvol op sy strategiese en bedryfstekens as 'n ten volle funksionele PEHO gelewer.

Prakties gesproke het EWK oor die jare heen 'n beduidende volume plaaslikevlak-erfenishulpbronne deur middel van permitaansoeke bestuur, en die diensleweringomgewing in 2024-2025 word steeds as sodanig gekarakteriseer. Die meeste permitaansoeke was hoofsaaklik artikel 34-aansoeke vir strukture ouer as 60 jaar, met ongeveer 68% sulke aansoeke (wat veranderinge, aanbouings en gedeeltelike sloping, en algehele sloping insluit) as deel van die totale aantal aansoeke wat in die 2024-2025-boekjaar ontvang is. Hoewel dit nie sy primêre mandaat is nie, neem dit die grootste deel van die EWK se bedryfsvermoë in beslag, aangesien die aanvraag vir dienste steeds is vir aansoeke ouer as 60 jaar (art. 34-aansoeke) en groter ontwikkelingsaansoeke is wat deur art. 38 van die WNEH geaktiveer is.

Weens die beperkte afwenteling van magte aan plaaslike owerhede, bestuur EWK steeds Graad III-hulpbronne regoor die provinsie. Die proses om funksies af te wentel na plaaslike owerhede het baie interaksies en herhalende besprekings met plaaslike owerhede, meer spesifiek met die Stad Kaapstad (SK) en Drakenstein Munisipaliteit tot gevolg gehad. Veral SK, wat oor die afgelope dekade sy bevoegdheid gewys het om die funksies oor te neem, bly 'n sleutelrolspeler in die deurlopende proses van besprekings om afwenteling te finaliseer. Om dit stelselmatig te fasiliteer, het EWK en KS 'n gesamentlike strategie ontwikkel om die oorgang moontlik te maak, met die teiken om 'n vermindering van rompslomp en beter bestuur van plaaslike erfenishulpbronne te verseker. Hierdie benadering berus op 'n aantal strategieë, insluitend Strategie 1: Stel vrystellings in plek vir die vereiste van art. 34 in gebiede waar daar nie erfenishulpbronne is wat bewaringswaardig is nie; Strategie 2: Plasing van erfenishulpbronne op die Erfenisregister (wat deur die BOES beskerm moet word) en skrap art. 34(1) ten opsigte van sulke hulpbronne; Strategie 3: Verklaar Erfenisgebiede (wat deur die BOES beskerm moet word) en skrap art. 34(1) in die verklaarde Erfenisgebiede; Strategie 4: Wentel af aan die plaaslike owerheid; Strategie 5: Kombineer art. 38 in die BOES-proses met art. 38(8) waar die BOES in plek is; en Strategie 6: Wetgewende hervorming. Hierdie strategieë loop saam, aangesien dit oor die kort-, medium- en langtermyn strek en elkeen tot die voorgenome stroombelyning van dienste aan die publiek bydra.

Hoewel EWK en SK die bogenoemde benadering ontwikkel het om die afwentelings betreffende die bestuur van plaaslike erfenishulpbronne te takel, is daar 'n duidelike behoefte dat die afwentelings afgehandel moet word. Die voordeel hiervan sal wees dat die plaaslike owerheid, in hierdie geval Stad Kaapstad, in effek die 'eenstop-winkel' vir die prosessering van Artikel 34-ontwikkelingsaansoeke sal word. Dit sal nie meer nodig wees dat aansoekers na EWK verwys word nie, wat dit meer doeltreffend as 'n eenstop-leweringsdiens maak, vergeleke met die huidige twee onafhanklike prosesse – die een met die plaaslike owerheid, en die ander met EWK – wat aansoekers moet deurloop. EWK erken die positiewe uitkomst wat dit sal hê in die vermindering van rompslomp in dienslewering vir aansoekers en die skep van 'n bemagtigende omgewing vir die Groei-vir-Werk (G4J) Strategie van die Wes-Kaapse Regering.

In lyn met die die Groei-vir-Werk (G4J) Strategie van die Wes-Kaapse Regering en sy aktiewe benadering om rompslomp te verminder, is EWK aktief betrokke in sistemiese hervorming; eerstens deur sy diensleweringspadkaart, en tweedens deur die aanneming van die Lenige Bestuur-kultuur, wat die implementering van 'n Lenige Bestuur-metodologie en -benadering insluit. Die aanvanklike opleiding en grondwerk is reeds in die vorige boekjaar deur die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme en die Lean Institute Africa en die Nagraadse Sakeskool van Universiteit Kaapstad onderneem.

Die Lenige Bestuur-opleiding het twee fases beslaan, met die eerste 'n tweedaagse program wat die beginsels, fundamentele inligting en strategieë van die Lenige Bestuur-metodologie bekend gestel het. Dit is met 'n streng drie maande-lange Fase Twee-program gevolg, wat die metodologie in meer besonderhede uiteengesit het, met die fokus op 'n omvattende begrip van elke pilaar van die metodes en op doeltreffende identifisering en oplossing van probleme deur werknemers op alle bedryfsvlakke. Die EWK-span het die EWK-permitaansoekproses as 'n gevallestudie onderneem om die Lenige Bestuur-metodologie te implementeer, vermorsing en oor- en onderlading van hulpbronne te identifiseer, en bepaal watter prosesse waarde vir aansoekers toevoeg. Die opleiding was baie suksesvol en is die eerste Lenige Bestuur-opleiding wat deur 'n volle span op alle bedryfsvlakke onderneem is. Hierdie opleiding het die span van uitkomst voorsien oor planne om sy dienste deurlopend te verbeter, vermorsing te verminder en 'n kultuur van inwoner-gesentreerde dienslewering te skep.

EWK het in die jaar onder oorsig deurlopend in transversale platforms deelgeneem, insluitend die Provinsiale Eiendom- en Ontwikkelingforum (PE&OF) en die Tegnieuse Werkgroep vir Streeksbeplanningsbestuursoorsig (TWG-SBBO). Dit volg op die Vastekapitaal- en eiendomsontwikkelingsforum, 'n inisiatief wat in 2019 geloods is om blokkasies in dienslewering in sleutelpunte vir die provinsie te identifiseer en te takel.

EWK sit steeds die sleutelinisiatiewe voort wat in die strategiedokument met Stad Kaapstad aangeneem is en verder in die EWK Diensleweringsverbeteringspadkaart uiteengesit word:

- Die vrystelling van sekere areas van of tipes ontwikkeling van die vereiste om erfenismagtiging te verkry.
- Skakel met plaaslike owerhede om hulle aan te moedig om kragtens die WNEH bevoeg verklaar te word om plaaslike erfenishulpbronne te bestuur, wat tot doeltreffende besluitneming op plaaslike vlak sal lei.
- Gaan voort om areas te identifiseer wat permitaansoekprosesse kan stroombelyn of versnel deur kennis wat in die Lenige Bestuur-metodologie opgedoen is, te gebruik.

Om verder oor vrystellings uit te brei, is sewe terreine geïdentifiseer wat van die bepalings van artikel 34 en 38 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999 (WNEH)) vrygestel kan word. Die terreine word hier in die onderstaande tabel aangedui:

Provinsiale Koerant Kennisgewing No.	Vrystellingsarea
8982	Airport Industria-vrystelling A34 and A38
8982	Mitchells Plain-vrystelling A34 and A38
8982	Atlantis-vrystelling A34 and A38
8982	Flamingo-vrystelling A34 and A38
8982	Kuilsrivier-vrystelling A34 and A38
8982	Ottery-vrystelling A34 and A38
8982	Voortrekker-vrystelling A34 and A38

Die doel van die vrystellingsproses is om geografiese areas met beperkte erfenishulpbronne vry te stel van die vereiste om kragtens artikel 34(1) van die WNEH 'n permit vir die verandering of sloping van 60 jaar-oue strukture te verkry, met die goedkeuring van die Minister van Kultuursake en Sport van die vereistes van artikel 38-impakassesserings.. Die vrystellingsproses is daarop gemik om die aantal aansoeke wat aan Erfenis Wes-Kaap (EWK) ingedien word, te verminder, en om sekerheid en 'n meer stroombelynde proses vir ontwikkeling in hierdie gebiede te verskaf. EWK sal steeds voortgaan om saam met Stad Kaapstad en ander belanghebbendes te werk om seker te maak vrystellings word, waar van toepassing, in werking gestel om só die behoefte te verlig vir erfenisgoedkeurings waar erfenishulpbronne nie beïnvloed sal word nie.

Die behoeftes in die diensleweringssomgewing bly hoog ten opsigte van doeltreffende dienste wat vir die publiek toeganklik is. Kwessies soos ekonomiese groei, werksgeleenthede, tegnologie, maatskaplike welstand, die omgewing en die welsyn van die mense van die Wes-Kaap is in ag geneem. Die prioriteitsareas wat in die boekjaar geïdentifiseer is, wat ook die beplanning van die EWK se Jaarlikse Prestasieplan raak, beklemtoon prioriteite in erfenishulpbronbestuur wat deurlopend aandag kry. Dit sluit in:


1. Vestig 'n doeltreffende erfenishulpbronbestuurstelsel wat deur sy beleide, regulasies en riglyne aan belanghebbendes en gemeenskappe vertrouwe in die werk van EWK sal gee.
2. Werk nouer saam met munisipaliteite en bewaringsliggame om die beskerming en bewaring van betekenisvolle erfenishulpbronne in die provinsie kragtens die WNEH te verseker.
3. Bied erfenisbyeenkomste en -programme aan om die positiewe en stabiliserende invloed wat erfenis in die oplossing van maatskaplike ewels in gemeenskappe uitlig, maatskaplike insluiting skep en aktiewe burgerskap bou.

EWK-geregistreerde Bewaringsliggame

Die rol van plaaslike bewaringsliggame en belangegroepes beïnvloed en help EWK in sy gesamentlike, geïntegreerde benadering om erfenis proaktief te bestuur en dienslewering deur die Wes-Kaapse Regering te verbeter. In sy skakelings deur die jaar was daar baie besprekings oor die betekenis van onroerende erfenishulpbronne en die insluiting van lede van die Eerste Nasies in gesprekke en hul registrasie as bewaringsliggame. EWK heg waarde aan die rol van bewaringsliggame en belangstellende erfenisgroepes in plaaslike gemeenskappe en is afhanklik van aktiewe en betrokke gemeenskappe om met die identifisering, bevordering en bestuur van erfenishulpbronne in die provinsie te help.

EWK vorm 'n integrale deel van die waardeketting in die diensleweringssomgewing van die WKR en maak voorspraak vir 'n volhoubare ontwikkelingsbenadering met belanghebbendes wat erfenis as 'n deurslaggewende pilaar in die ontwikkeling en welsyn van die samelewing sien. Vir hierdie doel word daar meer op die administrasie en goedkeuring van bewaringsliggame van EWK kragtens artikel 25 van die WNEH gefokus. Vyf aansoeke is goedgekeur by die eerste tertafellegging van vergaderings van die Komitee vir Voorrade, Gradering en Interpretasie (KVGI), met 'n verdere drie aansoeke wat onderskryf is nadat "verdere vereistes" nagekom is. Ongeveer 10,15% van reeds geregistreerde bewaringsliggame het notules en verslae van hulle algemene jaarvergadering ingedien. Geen geregistreerde bewaringsliggame het 'n aansoek ingedien dat hulle grense aangepas word nie. Navrae, telefonies of deur e-posse, het tot 60% van hierdie portefeulje se take bygedra.

Die onderstaande grafiek verskaf 'n statistiese opsomming van die werk van EWK om geregistreerde bewaringsliggame in verband met die administrasie van hierdie liggame te bestuur.



Figuur 1: Aktiwiteite wat met die bestuur van bewaringsliggame verband hou vir die tydperk van 2024 tot 2025.

PROVINSIALE ERFENISTERREINE

Versoek vir nominasies van Provinsiale Erfenisterreine

Die versoek vir nominasie van Provinsiale Erfenisterreine word twee maal per boekjaar op Erfenis Wes-Kaap se webwerf gepubliseer. Dit is in die 2024/2025-boekjaar op 20 Mei en 28 Oktober 2024 gepubliseer. Hoewel hierdie twee datums aan die jaarlikse prestasieteikens voldoen, is nominasies vir Provinsiale Erfenisterreine dwarsdeur die jaar oop vir belangstellende en betrokke partye.

Nominasies wat ingedien word, word tydens die kwartaallikse vergaderings van die Komitee vir Voorrade, Gradering en Interpretasie (KVGI) vir Graad II-belangrikheid gegradeer. Komiteedelede evalueer die nominasies kragtens artikel 27(8) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne. In die 2024/2025-tydperk het die aansoek vir die Slag van Muizenberg (Muizenberg) en die Javia Moskee (Strand) die vereiste 30 dae konsultasieproses en die 60 dae breër openbare deelnameproses deurgeloop. Aangesien geen besware ontvang is nie, was die finale fase die voorlegging aan die Raad van Erfenis Wes-Kaap. Die nominasieproses vir die graf van die struggle-aktivis Ashley Kriel as 'n Provinsiale Erfenisterrein is ook in hierdie tydperk van stapel gestuur.

Kitsrespons (QR)-kodeplakette

Erfenis Wes-Kaap het in 2022 'n projek geïnisieer om alle Provinsiale Erfenisterreine van QR-kodeplakette te voorsien wat agtergrondinligting oor die belangrikheid van elke erfenishulpbron verskaf. Wanneer die kode geskandeer word, word belangstellendes na die gepaste Provinsiale Koerant verwys, wat 'n kort geskiedenis en verduideliking van die belangrikheid van die belangrikheid van die terrein verskaf.

In die 2024/2025-tydperk is die onthullingseremonie van die QR-kode vir Hostel 33 op 22 Mei 2024 by die Lwandle Museum gehou.



Figuur 2: Die onthulling van die QR-kodeplaket by Princessvlei, PET (Bron: DKES Kommunikasie, November 2024).

Die QR-kodeplaket by Princessvlei is op 19 November 2024 deur die LUR, mnr. Ricardo MacKenzie, onthul. Die Raadsvoorsitter, asook die Voorsitter van Voorrade, Graderings en Interpretasie (VGI) was ook teenwoordig.

Naamborde by Elandsbaai Grot

As deel van die “Bevordering van Erfeniswaardes”, veral die digitale inhoud (soos in die EWK-Diensleweringsspadkaart vir 2023 tot 2025 aangedui word), is ’n QR-kode in Februarie 2025 ook op die naamborde by die Elandsbaai Grot aangebring toe die nuwe borde geïnstalleer is. Die beskadigde en onleesbare naamborde is vervang om te verseker dat die belangrikheid van Baboon Point as ’n PET aan alle belangstellende en geaffekteerde partye gekommunikeer word.



Figuur 3: Die nuwe naambord oorkant die PET-plaket aan die onderkant van die trappe by die Elandsbaai Grot (Februarie 2025).

Laastens is die voortdurende uitdaging in die erfenishulpbronomgewing die behoefte aan geskikte gekwalifiseerde personeel, en, waar moontlik, ervare lede in erfenishulpbronbestuur. Plaaslike en nasionale posisies in hierdie veld bied dikwels 'n meer mededingende salaris aan as wat op provinsiale vlak aangebied kan word. Dit lei onvermydelik tot die keuse van sommige personeellede om só 'n betrekking met 'n hoër salaris te aanvaar.

As deel van die EWK se Diensleweringverbeteringsplan, is maatreëls ingestel om hierdie potensiële uitvloeit te takel deur op die welsyn van personeel te fokus en nie-monetêre aansporings te voorsien wat tot die bou van 'n gesonde en gewaardeerde organisatoriese en spankultuur bydra.

'n Welsyn- en Kultuurreis, wat op die gesondheid en welsyn en verbetering van die span fokus, is in die boekjaar aangebied. Dit is gedoen om die kennis van die Lenige Bestuur-metodologie te komplementeer en om die welsyn van die span in die verbetering van dienslewering te ondersteun.

Sulke kwalitatiewe benaderings in die werksomgewing het nie slegs die span bevoordeel ten opsigte van die interne diensleweringssomgewing nie, maar ook in die eksterne omgewing, waar deurlopende verbetering van dienslewering deur die Lenige Bestuur-benadering nagestreef word.

2.1.1 Opsomming van aansoeke, terreininspeksiverslae en navrae

Hoewel die WNEH 'n verskeidenheid take aan provinsiale erfenishulpbronowerhede opla, is die grootste deel van EWK se werk steeds die verwerking van aansoeke kragtens Hoofstuk II van die wet. In die jaar onder oorsig het EWK 2 256 erfenisaansoeke verwerk.


Daar was in die jaar onder oorsig 'n deurlopende gekoördineerde program van perseelinspeksies van provinsiale erfenispersele. Dit sluit persele in van beboude terrein tot argeologiese hulpbronne en ontasbare erfenishulpbronne. Die inspeksies is kwartaalliks onderneem en het 'n ontleding van die staat van bewaring van elke perseel en die belangrike bestuursoorwegings vir elke perseel vorentoe. Hierdie benadering is in lyn met EWK se proaktiewe bestuursbenadering van provinsiale erfenisterreine, en ook met sy primêre mandaat as provinsiale erfenishulpbronowerheid. Terreine wat geïnspekteer en waarvoor in die jaar onder oorsig verslag gedoen is, is provinsiale erfenisterreine; dit sluit nie terreininspeksies wat permitaansoeke betrek of verslae van onwettige werk, wat grootliks met Graad III-erfenishulpbronne verband hou, in nie. Die PET-terreininspeksies as deel van die jaarlikse prestasie-oorsig sluit persele van wisselende belangrikheid in, waarvan sommige geskiedkundige strukture en ontasbare erfenishulpbronne is:

- Ou Hoër Meisieskool, Kerkstraat 25, Beaufort-Wes; belangrikheid hou verband met die geskiedkundige beboude omgewing.
- Matjiesfontein, Pieter Meintjies Fontein 274, Laingsburg; belangrikheid hou verband met die geskiedkundige beboude omgewing en geskiedkundige begraafplaas.
- Baboon Point (Kaap Deseada), Verlorenvlei, Elandsbaai, Piketberg Distrik; belangrikheid hou verband met prehistoriese argeologie.
- Gugulethu 7 Gedenkterrein, Steve Biko-rylaan, Gugulethu; belangrikheid hou verband met die herdenking van sewe anti-Apartheidaktiviste wat by die vryheidstryd betrokke was.
- Trojaanse Perd Gedenkterrein, Thorntonweg 97 (tussen Klipfontein- en Repulseweg), Athlone.


2.1.2 Getal aansoeke per jaar

Die meerderheid aansoeke was aansoeke rakende veranderings, aanbouings aan, of algehele sloping van strukture ouer as 60 jaar, kragtens Artikel 34 van die WNEH, wat op altesaam 1 535 aansoeke vir die jaar onder oorsig neerkom. Van die 2 256 aansoeke wat deur EWK verwerk is, het 106 aansoeke met Provinsiale Erfenisterreine verband gehou, wat van 86 in die 2023-2024-boekjaar toegeneem het. 'n Effense toename is ook aangeteken in die aantal permitaansoeke vir uitgrawings of navorsing by argeologiese of paleontologiese terreine, van 18 in die 2023-2024-boekjaar tot 24 in die 2024-2025-boekjaar onder oorsig. Voorts was daar altesaam 430 ontwikkelingsaansoeke, kennisgewings van voorneme om te ontwikkel en erfenisimpakassesserings (EIA's) teenoor 65 in 2023-2024, met 'n afname in KVO's tot 339 in 2024-2025, en 'n klein toename in EIA's, wat van 65 tot 67 in die 2024-2025-boekjaar gestyg het.

Die grafiek in Figuur 4 illustreer die getal aansoeke wat oor die afgelope vyf boekjare ontvang is en die grafiek in Figuur 5 dui die tipes aansoeke aan wat deur EWK ontvang is:



Figuur 4: Getal aansoeke oor die afgelope vyf boekjaar ontvang




Figuur 5: Tipes aansoeke deur EWK ontvang


2.1.3 Verwerking van aansoeke deur EWK-komitees

Aansoeke aan EWK word deur die volgende komitees verwerk: Beboede-omgewings- en landskapskomitee (BOLK), Komitee vir Voorrade, Gradering en Interpretasie (VGIK), Impakassesseringskomitee (IAKom), Appèlkomitee, en Vergaderings van Erfenisbeamptes (VEB's). Die VEB's bestaan uit 'n komitee van personeel van die Departement, wat EWK met die bedryfswerk help, en is deur die Raad van EWK afgevaardig om besluite te neem oor permitaansoeke wat voor EWK gebring is. Die BOLK, VGIK, IAKom en Appèlkomitee bestaan uit lede van die publiek wat deur 'n openbare versoek vir nominasies aangestel is. Hierdie lede het die nodige bevoegdheid en erfeniskundigheid om die Raad met sy werksaamhede by te staan.

Die agendas vir alle komiteevergaderings word op die EWK-webblad geplaas en aan partye gestuur wat die vergaderings wil bywoon en aan die besprekings wil deelneem. Regstreekse bywerkings van die agendas word deur die EWK-WhatsApp-groep voorsien. Die grafieke hier onder (Figuur 7 en 8) illustreer die aansoeke wat deur elke komitee oorweeg is, en die aantal vergaderings wat deur elke komitee gehou is om besluite oor aansoeke te neem. Daar was hierdie jaar altesaam 92 vergaderings. Die meeste vergaderings is die Vergaderings van Erfenisbeamptes (VEB's), aangesien hierdie vergaderings die meeste van die aansoeke voor EWK moet oorweeg en finaliseer, soos in Figuur 6 en 7 aangedui word. 'n Doelbewuste en gefokusde poging is aangewend om die prosesse te stroombelyn deur die aantal gevalle wat na ander komitees aangestuur word, te verminder. Deur op nie-opspraakwekkende erfeniskwessies te konsentreer wat meer doeltreffend getakel kan word, verseker EWK vinniger omkeertye vir aansoekers, en verbeterde responsiwiteit. Hierdie benadering weerspieël 'n sterk toewyding om inwoner-gesentreer te wees, en aansoekers word van 'n stelsel voorsien wat meer voorspelbaar, deursigtig en responsief met hulle tydlyn is. Sodoende handhaaf EWK nie alleen erfeniswaardes nie, maar erken ook die breër maatskaplike en ekonomiese implikasies van regulatoriese vertraging. Hierdie balans van doeltreffendheid en verantwoordbaarheid verminder uiteindelik rompslomp en bou openbare vertroue, wat verseker dat die beskerming van erfenis en inwonerdienlewering hand aan hand saamwerk.



Figuur 6: Aansoeke deur EWK verwerk.



Figuur 7: Getal vergaderings deur elke komitee van EWK gehou

2.1.4 Interne appèlproses

Artikel 49 van die WNEH vereis dat EWK 'n interne stelsel van appèlle ontwikkel, wat deur óf die Raad, óf 'n Appèlkomitee oorweeg word. Regulasies van die EWK stipuleer dat die Appèlkomitee uit twee raadslede en tot drie bykomende lede moet bestaan. Die Appèlkomitee oorweeg appèlle deur enige party van 'n aansoek (aansoeker of belanghebbende of geaffekteerde partye) wat ontevrede is met 'n besluit van 'n komitee van EWK. In die boekjaar onder oorsig is altesaam 24 appèlaansoeke voor die Appèlkomitee gebring. Die appèlle was meestal Artikel 34-aansoeke wat met geboue ouer as 60 jaar verband hou. Daar was ook appèlle teen die uitreiking van argeologiese permitte kragtens artikel 35 van die WNEH.

2.1.5 Appèlle aan die Onafhanklike Tribunaal oor Erfenis

As enige lid van die publiek of 'n aansoeker nie tevrede is met 'n besluit van die Appèlkomitee nie, het hulle kragtens artikel 38(6) en 49 van die WNEH die geleentheid om hulle appèl aan die Minister van Kultuursake en Sport te rig. Die Minister (uitvoerende gesag) het die mag om 'n Onafhanklike Tribunaal bestaande uit drie deskundige lede oor erfenisaangeleenthede of die reg aan te wys. Die Ministeriële Tribunaal is onafhanklik van EWK, en die appèl word as 'n wye appèl aangehoor, wat beteken die Tribunaal kan nuwe inligting oorweeg wanneer dit die gronde vir die aansoek hersien. Die Tribunaal mag egter nie buite die omvang van wat deur die appellant as gronde vir die appèl aangedui is, gaan nie. In die boekjaar onder oorsig is besluite na die Ministeriële Onafhanklike Tribunaal, waarvan nege in dié jaar oorweeg is. Uitsprake is gelewer in nege van die appèlle wat aangehoor is, waarvan ses in die guns van EWK was, terwyl een appèl voor die verhoor onttrek is.

2.2. Organisasoriese omgewing

Die Minister van Kultuursake en Sport het op 1 November 2022 'n nuwe raad van EWK aangestel, aangesien die driejaartermyn van die vorige raad op 31 Oktober 2022 tot 'n einde gekom het. Die nuwe raad bestaan uit lede met diverse kwalifikasies en kundigheid, van argitektuur, stadsbeplanning en strukturele ingenieurswese tot erfenishulpbronbestuur, sake en regte.

Die nuwe raad het sy komitees in Februarie 2023 aangewys ná 'n openbare versoek vir nominasies en 'n finale beoordeling van lede. Die ORBEK-, IAKom-, VBI- en Appèllekomitees, wat vanaf 1 Maart 2023 aangestel is, het goeie werk gedoen, met die voorsitters van die komitees wat op die kwartaallike raadsvergaderings verslag gedoen het. Die termyn van die komitees val saam met die driejaartermyn van die Raad, wat op 31 Oktober 2025 ten einde loop. Die komiteelede beskik oor vaardighede en kundigheid wat gepas is vir hulle toegewese komiteefunksies, soos deur die raad aan hulle gegee is. VEB's is die enigste komitee wat uitsluitlik uit personeellede bestaan wat deur die DKSS aangestel is om die entiteit met sy funksies te help. VEB's is deur die raad afgevaardig om besluite oor aanstellings vir EWK te neem.

EWK het sy inkomstestroom begin geassesseer deur permitaansoekgeld te verhoog om in lyn met markverwante tariewe te wees wat deur soortgelyke instellings gehê word ten einde te verseker dat die Entiteit op die langtermyn lewensvatbaar in bedryf bly. Een van die inkomstestrome is om betaling vir die verwerking van permitaansoeke te hef. Hierdie verhoging neem toekomstige afwentelings en die verwerking van erfenispermitaansoeke op die vlak van plaaslike owerheid in aanmerking, wat die entiteit se inkomste uit permitaansoeke sal verminder. Die huidige tariefstruktuur geld sedert Julie 2016, en EWK het 'n streng evaluering onderneem om 'n weldeurdragte en billike verhoging op die basis van tariewe wat deur soortgelyke organisasies gehê word, vas te stel. Die Raad van EWK het op die bygewerkte tariefstruktuur besluit en dit wag net vir die Provinsiale Tesourie se goedkeuring.

Op finansiële terrein is 'n inherente risiko vir EWK wat met gebeurlikheidslas verband hou, sy besluitneming oor permitaansoeke wat tot moontlike regsaksie kan lei. Hierdie risiko is toepaslik binne die risikoverdraagsaamheidsvlak versag, aangesien 'n aangewese regsadviseur (Adjunkdirekteur) oor alle besluite en vergaderings van die raad toesig hou. 'n Assistentdirekteur is suksesvol as deel van die regsplan aangestel.

Gedurende die jaar het werwing voortgeduur om te verseker dat bykomende personeelkapasiteit aan EWK voorsien word as deel van die DKES se kapasitering van sy afdeling vir Erfenishulpbronbestuursdienste binne die Direktoraat vir Museums, Erfenis en Geografiese Name te verbeter. Personeel in hierdie afdeling, wat administratiewe ondersteuning insluit, is aan die entiteit gesekondeer.

2.3. Kern- beleidsontwikkelinge en wetgewende veranderinge

2.3.1 Beleidsontwikkeling

Gedurende die boekjaar is die volgende beleide ontwikkel en deur die Raad gewysig:

Beleid	Beskrywing
Beleid oor Erfenisinspekteur	Die doel van hierdie beleid is om kriteria vir die aanstelling en opleiding van Erfenisinspekteurs, sowel as die uitvoer van inspeksies, daar te stel en voldoening aan artikel 50 van die WNEH te verseker.
Prosedure vir die vrystelling van 'n gedefinieerde geografiese gebied vir die bepaling van artikel 34 en 38 van die WNEH	Die doel van hierdie prosedure is om die vrystelling van sekere geografiese gebiede van die noodsaaklikheid om (met die goedkeuring van die LUR) 'n permit kragtens Artikel 34 en 38 van die WNEH te magtig om die aantal aansoeke wat deur Erfenis Wes-Kaap (EWK) geassesseer word, te verminder en om sekerheid aan voornemende kopers en ontwikkelaars te gee. Die vrystelling sal op 'n geïdentifiseerde gebied, wat nie van as genoegsame erfenisbeduidenis beskou word om formele beskerming as 'n erfenisgebied te hê nie, en wat dus sonder 'n permit ontwikkel mag word, van toepassing wees. Enige individuele erfenishulpbron in die area kan op die erfenisregister geplaas word, wat só hulle beskerming sal verseker.

2.3.2 Strafregtelike aanklagte

Saaknommer	Saaknaam	Status
76/5/2015	Staat v L Raymond i.v.m. die Provinsiale Erfenis Terrein te Hoofstraat 191, Paarl	Die saak is deur landdroste by die landdroshof in die Paarl aangehoor, waar 'n verteenwoordiger van EWK getuig het. Die saak is tot 9 Julie 2021 en toe tot 4 Oktober 2021 uitgestel weens Covid-19-regulasies en ook tot 24 Februarie 2022 en toe weer tot 14 Maart 2022 om 'n finale verhoordatum vir die saak te bepaal, wat 10 Mei 2022 sou wees, net om nogmaals tot 20 Junie 2022 uitgestel te word. 'n Vergadering is daarna tussen die landdros en die verweerder gehou, waarna Erfenis Wes-Kaap in kennis gestel is dat die saak aan die rol onttrek is, sonder enige redes vir die onttrekking. Redes vir die onttrekking word van die landdroshof verlang.
Tafelbaai-hawe CAS 53/01/202	Staat v Waterfront Property Holdings (Edms.) Bpk.	'n Strafregtelike klagte is aanhangig gemaak ten opsigte van die ongemagtigde sloping van die historiese en unieke gevoude betonplafon van die Union Castle-gebou in Dockweg 3, Waterfront, Kaapstad. Die saak is verwys na die Direktoraat van Openbare Vervolgings en 'n aanklaer is aangewys. Erfenis Wes-Kaap het reeds vergaderings met die aanklaer gehou. Die saak is steeds aan die gang.

2.3.3 EWK-sake in die hof

Gedurende die boekjaar onder oorsig was EWK in die volgende hofaksies betrokke:

Saak nommer	Hof	Saak	Status
46055/15	Noord-Gautengse Hoog-geregshof	Midnight Storm Investments 170 (Pty) Ltd v Minister van Kuns, Kultuur en ander	Die eiser in hierdie saak het vergoeding van die staat en EWK geëis in 'n saak oor 'n stuk van hul grond as 'n PET (die Baboon Point PET te Elandsbaai). Die eisers beweer dat die verklaring hulle reg om die grond te ontwikkel, in effek gestroop het en dat dit op óf konstruktiewe onteiening óf die onwettige verwydering van hulle eienaarskap, soos dit in art. 25 van die Grondwet beskerm word, neerkom. Alternatiewelik het hulle vir 'n hofbevel gevra om die WNEH ongrondwetlik te verklaar, aangesien dit die ontneming van eienaarsregte sonder vergoeding magtig. Die Hof het bevind dat die verklaring wettig is en dat dit nie op konstruktiewe onteiening neerkom nie. Die Hof het ook bevind dat die beskerming van eiendomsregte kragtens art.25 van die Grondwet nie absoluut is nie, maar aan openbarebelangeregte onderworpe is. Daar is teen die uitspraak geappelleer. Die applikant het EWK daarna genader om 'n voorgestelde skikking te ondersoek, en is in die proses om 'n gewysigde aansoek aan EWK te bring. Die appèlproses is in afwagting van die uitkoms van die aansoek uitgestel.
14894/17	Wes-Kaapse Hoog-geregshof	Exclusive Access Trading 570 (Pty Ltd) v Voorsitter, Onafhanklike Tribunaal, , Minister van Kultuursake en Sport, en Erfenis Wes-Kaap	Steeds besig met pleite.

2.4. Vordering met bereiking van institusionele impakte en uitkomst

EWK het sy Strategiese Plan en Prestasieplan belyn met die Provinsiale Visie-geïnspireerde Prioriteite binne die konteks van sy wetlike mandaat om erfenishulpbronne te identifiseer, te beskerm, te bewaar en te bestuur kragtens die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999). Die beoogde strategiese impak is om “erfenishulpbronne wat 'n sin van maatskaplike inklusiwiteit bou en tot ekonomiese groei bydra, te bewaar en te bevorder”. Die uitkomsaanwysers weerspieël 'n geïntegreerde bestuur van erfenishulpbronne, met die eerste uitkoms wat die beskerming van erfenishulpbronne prioritiseer, en die tweede, wat op die bestuur van erfenishulpbronne deur die bevordering daarvan fokus.

Oor die afgelope jaar was daar bevredigende uitkomst oor hierdie strategiese aanwysers, aangesien alle teikens in die Jaarlikse Prestasieplan onder oorsig bereik is. Een teiken het selfs oorpresteer: die aantal Raadsvergaderings wat gehou is ten einde besluite ooreenkomstig die WNEH te neem. Daarbenewens dien die Diensleweringverbeteringspadkaart as 'n middel om die bedryfsimplementering van die verbeteringspadkaart na te spoor, wat die inwoner-gerigte diensleweringbenadering beklemtoon om kapasiteit te verhoog, erfenis te bevorder en doeltreffendheid te verbeter.

3. INLICHTING OOR PRESTASIE PER PROGRAM: ERFENISHULPBRONBESTUURSDIENSTE

3.1 Program/aktiwiteit/doelwit

Die doel van Erfenis Wes-Kaap is om die Minister van raad te bedien oor die implementering van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) en sodoende die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap te beskerm en te bestuur.

Sleutelprestasie-aanwysers: beplande teikens en werklike prestasies

Program / Sub-program									
No.	Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geoudi- teerde werklike prestasie	Geoudi- teerde werklike prestasie	Beplande teiken vir jaar	Werklike prestasie	Afwyking van beplande teiken vir werklike prestasie	Rede vir afwykings
				2022/23	2023/24	2024/25	2024/25	2024/25	
1.1	Geïntegreerde bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap.	Beleide, regulasies, riglyne, planne of protokol wat ontwikkel en goedgekeur is.	Getal dokumente by die Raad ingedien wat die bestuur van erfenishulpbronne ondersteun	1	2	1	1	-	
1.2	Geïntegreerde bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap.	Terrein-inspeksie deur EWK onderneem.	Aantal terrein-inspeksies aan provinsiale erfenisterreine onderneem.	4	7	4	4	-	
1.3	Geïntegreerde bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap.	Geskeduleerde vergaderings van EWK-raad en -komitees ten einde die WNEH te implementeer.	Aantal Raadsvergadering gehou ter ondersteuning van die implementering van die beleid en bestuurstoesig van EWK.	111	101	4	5	+1	Een bykomende Raadsvergadering is gehou om twee PET-benoemings te hanteer. Weens die getal I&APs wat genooi is om voorleggings te doen en die tyd wat dit sou neem om albei gevalle te hanteer, is 'n spesiale vergadering gehou, aangesien dit nie binne die tyd van 'n gewone geskeduleerde Raadsvergadering geakkommodeer kon word nie.

Program / Sub-program									
No.	Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geoudi- teerde werklike prestase	Geoudi- teerde werklike prestase	Beplande teiken vir jaar	Werklike prestase	Afwyking van beplande teiken vir werklike prestase	Rede vir afwykings
				2022/23	2023/24	2024/25	2024/25	2024/25	
1.4	Geïntegreerde bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap.	Die erkenning dat die terrein 'n verklaarde erfenisterrein is deur 'n byeenkomster bevordering te hou	Aantal provinsiale erfenisterrein-byeenkomste vir die bevordering van erfenishulpbronne	2	4	2	2	2	
1.5	Geïntegreerde bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap.	Werkwinkels of vergaderings gehou om bewusmaking oor die belangrikheid van die bewaring van erfenisterreine en bestuur van sulke hulpbronne te skep.	Aantal programme aangebied om erfenishulpbronbestuur te bevorder.	4	2	2	2	-	
1.6	Geïntegreerde bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap.	Openbare kennisgewings wat die publiek nooi om benoemings vir die identifisering en oorweging as provinsiale erfenisterreine in te dien.	Aantal openbare oproepe vir die identifisering van provinsiale erfenishulpbronne.	-	-	2	2	2	

Strategie om areas van onderbesteding te oorkom

Die entiteit het al sy teikens vir die jaar onder oorsig bereik. Die Uitkomsaanwyser ‘Aantal vergaderings gehou om besluite kragtens die WNEH te neem’, met ’n jaarlike teiken van vier vergaderings, een per kwartaal, is oorskry met een bykomende vergadering, met ’n werklike prestasie van vyf vergaderings. Daar was geen areas van onderprestasie vir die entiteit in die jaar onder oorsig nie.

Program/ Sub-program	Intervensie	Geografiese ligging (Provinsie/ Distrik/ plaaslike munisipali teit) (waar moontlik)	Aantal begunstigdes (waar moontlik)	Uiteensetting van begunstigdes (waar moontlik)	Totale begrotings- toekenning per intervensie (R'000)	Begroting per intervensie bestee	Bydrae tot die uitsette in die JPP (waar moontlik)	Onmiddellike uitkomste
N.v.t.								

Prestasie gekoppel aan begrotings

Die entiteit het al sy prestasieteikens bereik, wat deur die uitgawes vir die jaar onder oorsig ondersteun word.

Ekonomiese klassifikasie	2024/25			2023/24		
	Begroting	Werklike uitgawes	(Oor)/ onder uitgawes	Begroting	Werklike uitgawes	(Oor)/ onder uitgawes
	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000
Goedere en dienste	2 183	1 730	*453	2 727	2 722	5
Totaal	2 183	1 730	*453	2 727	2 722	5

* Die afwykings is weens regskoste waarvoor begroot is, maar nooit benut is nie.

4. INVORDERING VAN INKOMSTE

Bron van inkomste	2024/25			2023/24		
	Beraming	Werklike bedrag ingesamel	(Oor)/ onder insameling	Beraming	Werklike bedrag ingesamel	(Oor)/ onder insameling
	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000
Ander bedryfs-inkomste	836	911	*(75)	824	845	(21)
Oordrag-betaling	500	2 500	** (2 000)	1 621	2 195	(574)
Rente-inkomste	847	841	6	282	830	(548)
Totaal	2 183	4 252	(2 069)	2 727	3 870	(1 143)

* Die Afwyking is weens die groter as verwagte getal aansoeke.

** Bykomende befondsing is van die Departement van Kultuursake en Sport ontvang om die aktiwiteite van die Entiteit verder te ondersteun.

4.1. Kapitaalbelegging

Nie van toepassing.

DEEL C: BESTUUR

Bainskloofpas, Wellington

Die Bainskloofpas is in September 1853 geopen; dit was die eerste binnelandse pas na die noorde en die binneland van Suid-Afrika.

1. INLEIDING

Bestuur, risikobestuur en voldoening is die drie pilare wat saamwerk om te verseker dat die Entiteit sy doelwitte nakom. Voldoening aan die beleide en prosedures, wette en regulasies wat sterk en doeltreffende bestuur beteken, word as 'n sleutel tot die sukses van die Entiteit geag. Hierdie verslag gee 'n oorsig van die bestuur wat deel van die Entiteit is.

Die Parlement, die Uitvoerende Gesag en die rekenpligtige gesag van die Openbare Entiteit is verantwoordelik vir korporatiewe bestuur.

2. PORTEFEULJEKOMITEES

Die komitees van die Provinsiale Parlement wat oorsig oor Erfenis Wes-Kaap het, is die Staande Komitee oor Polisie-toesig, Gemeenskapsveiligheid en Kultuursake en Sport, en die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (SKOOR).

Vergadering	Tema
Staande Komitee oor Polisie-toesig, Gemeenskapsveiligheid en Kultuursake en Sport	
21 Augustus 2024	Inleidende vergadering en summatiewe inligtingssessie oor 2024/25 Jaarlikse Prestasieplan
25 Oktober 2024	Beraadslaging oor die 2023/24-jaarverlag van die DKES en sy drie entiteite
28 November 2024	Beraadslaging oor Begrotingspos 13: Kultuursake en Sport in die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Aanpassingsbewilliging, [B2-2024]
20 Maart 2025	Inligtingssessie oor die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Openbare Biblioteekdienste, [B1-2025]
31 Maart 2025	Beraadslaging oor Begrotingspos 13: Kultuursake en Sport in die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Aanpassingsbewilliging, [B2-2025]

SKOOR-resolusies

Geen resolusies is vir hierdie Entiteit uitgereik nie.

Die Entiteit het die volgende skakelings met die Komitee vir Provinsiale Rekeninge:

Vergadering	Tema
Komitee vir Provinsiale Rekeninge	
25 Oktober 2024	Beraadslaging oor die 2023/24-jaarverslag vir die Departement van Kultuursake en Sport en sy entiteite: Wes-Kaapse Taalkomitee, Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Erfenis Wes-Kaap.

3. UITVOERENDE GESAG

Die Uitvoerende Gesag het sy oorsigverantwoordelikheid uitgevoer deur die finansiële en nie-finansiële inligting vir die tydperk onder oorsig te monitor. Die volgende verslae is vir moniterings ingedien:

Kwartaallikse Prestasieverslag	31 Julie 2024; 31 Oktober 2024; 31 Januarie 2025; 30 April 2025
Binnejaar-moniteringsverslag	31 Julie 2024; 31 Oktober 2024; 31 Januarie 2025; 30 April 2025

4. DIE REKENPLIGTIGE GESAG/ RAAD

Samestelling van die huidige Raad (aangestel vanaf 1 November 2022 tot 31 Oktober 2025)

Naam	Benaming (vir die struktuur van die Raad vir die openbare entiteit)	Datum aangestel	Datum bedank	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raad van direkteurskappe (Gee 'n lys van die entiteite	Ander komitees of taakspanne (bv. Ouditkomitee, Ministeriële taakspan)	Aantal vergaderings bygewoon
Siphiwo Mavumeng wana	Lid	17 November 2022	N.v.t.	Nasionale Diploma: Bemakingsbestuur	Kultuurlandskappe, Stad	Wes-Kaapse Drankowerheid Conbin South Africa	BOLK	14
Ron Martin	Lid	17 November 2022	N.v.t.	Sertifikaat in Mondelinge Geskiedenismetodologie (Honneursvlak); Nagraadse Diploma in Museum- en Erfenisstudie (Honneursvlak)	Erfenishulpbronbestuur; Geheue; inheemse praktyke, versteekte geskiedenis	SA First Peoples' Museum Foundation (Pty) Ltd; SA Sendinggestig Trust.	KIGV	11
Mandla Mdludlu	Lid	17 November 2022	N.v.t.	Bluris, LLB, Sertifikaat in Arbeidsreg	Reg en Eiendomsreg	Ouditkomitee (Overstrand Munisipaliteit); Weskus TVET; NHBRCR SARGB	APPËLLE (Bykomende lid)	5
Corlie Smart	Lid	17 November 2022	N.v.t.	BProc; LLM	Erfenisreg en beleidsformulering	Belvidex PTY LTD	APPËLLE	17
Heidi Boise	Lid	17 November 2022	N.v.t.	B.Tech in Argitektoniese tegnologie en beplanningsgeometika M.Phil in Bewaring van beboude omgewing	Erfenisbestuur en beleidsake	Patrimoint Concept	BOLK	22
Reyhana Gani	Lid	17 November 2022	N.v.t.	Geoktrooieerde rekenmeester	Finansies, interne en eksterne audit, risikobestuur, IT, Dissiplinêre en Pretasieverslaggewing, JPP, Strategie	N.v.t.	N.v.t.	5

Naam	Benaming (vir die struktuur van die Raad vir die openbare entiteit)	Datum aangestel	Datum bedank	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raad van direkteurskappe (Gee 'n lys van die entiteite	Ander komitees of taakspanne (bv. Ouditkomitee, Ministeriële taakspan)	Aantal verga- derings bygewoon
Dennis Belter	Lid	17 November 2022	27 November 2024	M.Com PM – nagraadse diploma	Struktuuringenieur	Gadomski Consulting Engineers	BOLK	11
Gregory Ontong	Lid	17 November 2022	N.v.t.	PTD, B. Th. Meestersgraad in Stad- en Streeksbeplanning (Bewaring van beboude omgewing)	Ontasbare erfenis re die beboude omgewing, identifikasie en bewaring daarvan	Ditsong Nasionale Museums van Suid-Afrika; komiteelid OKPEHG	APPËLLE	15

Lys van Komiteelede 2023 - 2025

Komitee	Aantal vergaderings gehou	Aantal lede	Name van lede
BOLK	11	6	Dennis Belter (bedank op 27 November 2024) Jacobs Graham Shawn Johnston Helene van der Merwe Siphiwo Mavumengwana Heidi Boise (op 27 November 2024 as voorsitter aangewys) Karin Dugmore-Strom (op 5 Maart 2025 aangestel)
Appèlle	12	5	Gregory Ontong (Voorsitter) Nicholas Baumann (oorlede op 7 Januarie 2025) Andrew van Graan Stuart Hermansen Corlie Smart Mandla Mdludlu (bykomende lid) Claire Abrahamse (op 5 Maart 2025 aangestel)
KIGV	5	7	Ron Martin (Voorsitter) Jenna Lavin Laura Milandri Jacob Cloete (bedank op 29 Julie 2024) Emmylou Bailey Lynn Michelle Abrahams (bedank op 5 Februarie 2025) Leslie Witz Robyn Humphreys Amber Williams (op 5 Maart 2025 aangestel)
IAKOM	12	8	David Gibbs (Voorsitter) Dave Saunders Sarah Winter Chefferino Fortuin Katy Smuts Samantha Lee John Wilson-Harris Antonia Malan

Vergoeding van komiteelede

Die diensvoordeelpakkette van die ampsdraers van sekere statutêre en ander instellings word deur die Minister van Finansies bepaal en in 'n omsendskrywe van die Provinsiale Tesourie beskryf. Die Plenêre Voorsitter se tarief is R556 per uur. Die gevolmagtigde Voorsitter se tarief is R486,00 per uur en die tarief vir lede is R337,00 per uur.

Van	Naam	Vergoeding R`000	Ander toelaes (R&V)* R`000	Totaal R`000
Bailey	Emmylou	15	0	15
Baumann	Nicholas	10	0	10
Belter	Dennis	25	2	27
Boise	Heidi	59	6	65
Cloete	Jacob	1	0	1
Dugmore-Strom	Karin	2	0	2

Van	Naam	Vergoeding R' 000	Ander toelaes (R&V)* R' 000	Totaal R' 000
Fortuin	Chefferino	32	2	34
Gani	Reyhana	31	6	37
Gibbs	David	31	3	34
Hermansen	Stuart	11	4	15
Humpherys	Robyn	13	0	13
Jacobs	Graham	26	7	33
Johnston	Shawn	30	6	36
Lavin	Jenna	15	0	15
Lee	Samantha	0	3	3
Malan	Antonia	36	5	41
Martin	Ron	28	4	32
Mavumengwana	Siphiwo Innocent	35	4	39
Mdludlu	Mandla	10	0	10
Milandri	Laura	17	1	18
Ontong	Tyrone	34	1	35
Saunders	Dave	34	5	39
Smart	Cornelia	29	5	34
Smuts	Katie	30	5	35
Van Graan	Andre	17	0	17
Van Merwe	Helene	44	6	50
Willson-Harris	John	36	4	40
Winter	Sarah	29	4	32
Witz	Leslie	8	0	8
TOTAL		688	83	771

* Ander toelaes sluit vervoer en akkommodasie in, waar van toepassing.

5. RISIKOBESTUUR

Erfenis Wes-Kaap neem deel aan die Ondernemingsrisikobestuur- en Etiekkomitee (ORBEK) van die Departement van Kultuursake en Sport om die Rekenpligtige Beamppte in die uitvoering van sy verantwoordelikhede rakende risikobestuur by te staan.

Beleid en strategie vir ondernemingsbestuur

Die entiteit het op 12 April 2021 'n Ondernemingsrisikobestuursbeleid vir die 2021/22-2024/25-boekjare aanvaar. Hierdie beleid stippel die risikobestuursfilosofie uit en lê die rolle en verantwoordelikhede van die onderskeie rolspelers op 'n hoë vlak uit. Dit verskaf die basis vir die risikobestuursproses wat deur die besonderhede in die strategie aangevul word.

Die strategie- en implementeringsplan van die Ondernemingsrisikobestuur (ORB) omskryf hoe die entiteit te werk sal gaan om die ORB-beleid te implementeer wat deur die Rekenpligtige Beamppte (RB) aangeneem is. Hierdie ORB-strategie word deur die Provinsiale Risikobestuursbeleid en -strategie (PORBBS) toegelig, veral waar dit op aptytvlakke, asook sy eie ORB-beleid en risikoprofiel verband hou.

Verantwoordelikheid van ORBEK

Die ORBEK doen verslag dat dit aan sy verantwoordelikhede kragtens artikel 51 (1)(a)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Tesourieregulasie 3.2.1 en die Staatsdiensregulasies van 2016, Hoofstuk 2, Deel 1, 2 en 3 voldoen het. Die ORBEK rapporteer voorts dat dit ook die toepaslike formele Verwysingsraamwerk aanvaar het (wat op 24 Mei 2022 deur die ORBEK-voorsitter aanvaar is) en dat dit sy sake in voldoening aan hierdie verwysingsraamwerk gereguleer het en alle verantwoordelikhede soos daarin vervat, nagekom het.

ORBEK-lede

Die ORBEK bestaan uit die Rekenpligtige Beampte en gekose lede van die Departement van Kultuursake en Sport se bestuurspan, met die RB van die Departement van Kultuursake en Sport as voorsitter. Die Hoof- Uitvoerende Beampte van Erfenis Wes-Kaap verteenwoordig die entiteit op die ORBEK van die Departement. Soos per sy Verwysingsraamwerk het die ORBEK vier keer gedurende die jaar onder oorsig vergader (kwartaallikse oorsig en verslagdoening). Die meeste vergaderings is deur alle lede of hulle verteenwoordigers bygewoon.

Die tabel hier onder verskaf tersaaklike inligting oor die ORBEK-lede:

Lid	Posisie	Bygewoon
Mnr. G. Redman	Rekenpligtige Beampte (Voorsitter)	4
Dr. C. van Wyk	Hoofdirekteur: Kultuursake	4
Dr. L. Bouah	Hoofdirekteur: Sport en Ontspanning	4
Me. B. Rutgers	Direkteur: Finansiële bestuur (HFB)	4
Mnr. S. Julie	Direkteur: Strategiese en bedryfsbestuurondersteuning	4
Dr. M. Janse van Rensburg	Direkteur: Museums, Erfenis en Geografiese Name-dienste, en HUB van EWK	4
Mnr. T. Mchunu	Direkteur: Kuns, Kultuur en Taaldienste	2
Me. C. Sani	Direkteur: Biblioteekdienste	4
Me. N. Dingayo	Direkteur: Provinsiale Argiefdiens	4
Mnr. T. Tutu	Direkteur: Sportbevordering	4
Me. D. Manuel	Direkteur: Sportontwikkeling	4
Mnr. D. Esau	Adjunkdirekteur: Interne Beheer (Risikokampioen)	3
Mnr. D. Flandorp	Adjunkdirekteur: Korporatiewe Verhoudingseenheid (Etiekbeampte)	3

* Daar was altyd verteenwoordiging van die eenheid wanneer die lede nie self die vergadering kon bywoon nie.

Hier onder volg 'n aanduiding van ander beamptes wat deur die jaar onder oorsig die ORBEK-vergaderings bygewoon het:

Ander aanwesiges	Posisie	Bygewoon
Me. L. Africa	ORBEK-sekretariaat	4
Me. G. Abdullatief	Waarnemende Direkteur: Kuns, Taal- en Kultuurdienste	2
Me. J. Boulle	Hoof: Jeug- en Naskoolprogram	1
Mnr. L. Jara	Interne Beheer	3
Me. A. Haq	Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur, DvdP	3
Me. C. Cochrane	Hoofrisikoraadgewer, DvdP	1
Mnr. D. Micketts	Hoofrisikoraadgewer, DvdP	3
Me. J. Reed	Risikoraadgewer, DvdP	3
Mnr. E. Peters	IKT-risikopraktisyn, DvdP	1

Ander aanwesiges	Posisie	Bygewoon
Mnr. K. Abelse	Ondernemingsrisikobestuur, DvdP	2
Me. V. Simpson-Murray	Direkteur: Interne Oudit, DvdP	4
Mnr. P. die Villiers	Adjunkdirekteur: Interne Oudit, DvdP	4
Me L. Kotze	Adjunkdirekteur: Interne Oudit, DvdP	1
Me. B. Cebukhulu	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste, DvdP	4
Me. L. Abrahams	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste, DvdP	1
Me. N. Nongxaza	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste, DvdP	1
Me. A. Snyder	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste, DvdP	1
Mnr. W. Theunissen	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste, DvdP	2

Kernaktiwiteite van ORBEK

- Die RB is die voorsitter van die ORBEK en die Adjunkdirekteur: Interne Beheer is die Risikokampioen van die Departement. Die ORBEK het gedurende die jaar die volgende kernaktiwiteite in die uitvoering van sy funksies onderneem:
- Die ORB-strategie en -implementeringsplan van die Departement beoordeel voor dit vir goedkeuring aan die RB voorgelê is;
- Risiko's in vaste gegroepeerde kategorieë van aptytreekse beoordeel en gemonitor; gelei deur die PORBBS wat deur die provinsiale topbestuur aangeneem is, toepaslike risiko-aptite en verdraagsaamhede gemonitor en beoordeel;
- Aan die RB verslag gedoen oor enige wesenlike veranderinge aan die risikoprofiel van die Departement;
- Die inwoner-gesentreerde strategiese risiko's van die Departement bevestig. Dit illustreer die pogings van die Departement om bydraende faktore en invloede wat direk met inwoners verband hou, te takel;
- Verslae oor Risiko-intelligensie en -neigings ontvang en oorweeg;
- Opkomende risiko's geïdentifiseer;
- Risiko's buite die verdraagsaamheidsvlakke vir verdere aksie/aandag hersien;
- Die risikospoed vir die Departementele strategiese risiko's vasgestel;
- Die implementering van die implementeringplan vir die Voorkoming van Bedrog en Korruptsie gemonitor;
- Die implementering van die Departementele ORB-beleid-, -strategie- en -implementeringsplan gemonitor;
- Die doeltreffendheid en versagtende strategieë om die wesenlike, etiese en ekonomiese misdaad-risiko's te takel, geëvalueer;
- Oorsig oor etiekbestuur in die Departement beoordeel.

Kernrisiko's wat deur die jaar oorweeg en getakel is

Die risiko's hier onder is die kern- strategiese risiko's vir die entiteit wat gedurende die jaar in ag geneem en getakel is:

Die risiko van “*verlies van erfenishulpbronne deur ongemagtigde veranderinge/vernietiging of vandalisme*” vervat die vernietiging van onvervangbare erfenishulpbronne en die kwessie van onvoldoende kapasiteit om die wet toe te pas wanneer erfenishulpbronne deur ongeoorloofde ontwikkeling bedreig word. Generiese riglyne is dus ontwikkel en EWK-beamptes, insluitend wetstoepassingsbeamptes, word deurlopend opgelei. Gefasiliteerde erfenisbewussynwerkwinkels word met sleutel-belanghebbendes soos gasheergemeenskappe, bewaringsliggame en munisipaliteite gehou.

“*Die Raad/Komitee neem besluite wat ultra vires kan wees*” ten opsigte van toepaslike afwenteling en wetgewing. Daarom woon die regsadviesspan alle komiteevergaderings by om leiding te gee oor besluitneming binne die wetlike parameters. Alle notules van komiteevergaderings word deur die regsadviesspan en senior bestuur van EWK nagegaan om te wetlike akkuraatheid te verseker. Die aantal komiteevergaderings is ook vermeerder om die agenda korter te maak en die vermoë te verbeter van die komitee om op bevoegde wyse in een sitting kwessies te hanteer. 'n Aansoekproses vir Kleiner Werke is in plek om aansoeke vinniger af te handel waar dit van toepassing is. Die bevoegdheid van lede word ook deur opleiding, induksie en werkwinkels verbeter.

Kern- opkomende risiko's vir die volgende boekjaar

Die entiteit tree pro-aktief op deur sy risikostellings en geïdentifiseerde gebiede wat bywerkings vereis, te herevalueer en te verfyn om die risikostellings binne die huidige konteks en ontwikkelende omgewing te bely.

Bestuur van risiko's

Gereelde strategiese en programrisiko-assesserings word onderneem om die doeltreffendheid van die Departement se risikobestuurstrategie te bepaal en nuwe en opkomende risiko's weens veranderinge in die interne en/of eksterne omgewing te identifiseer. Die risiko's vir elke program is gedurende die jaar bespreek en gedebatteer en by die kwartaallike ORBEK-vergaderings voorgelê. Daar is van senior bestuurders vereis om terugvoering te gee oor die vordering met die implementering van aksieplanne om die waarskynlikheid dat die risiko realiseer te verminder, of die impak daarvan te verminder as die risiko realiseer. ORBEK het ook risiko's na die onderskeie programme terugverwys, wat dit meer omvattend moet ontleed en bykomende versagtende maatreëls of aksies om risiko's te takel, moet aanbeveel. Bestuur neem eienaarskap van risiko's en bespreek dikwels risikokwessies op verskillende platforms as deel van die kultuur om risiko's op samewerkende en innoverende maniere te beperk. Die Departement se ORBEK-beleid en -strategie word jaarliks aan alle beamptes op alle vlakke gestuur sodat hulle op die hoogte van verbeterings kan bly wat in werking gestel is en as 'n manier om risikobestuur regoor die Departement te laat plaasvind. Risikobestuursbewustheid is op 'n e-platform bekendgestel sodat beamptes hulself teen 'n eie tempo deur selfopleiding kan bemagtig. Aktiwiteite wat in die implementeringsplan uiteengesit is, word gereeld gemonitor en oor verslag gedoen, op dieselfde wyse as waarop JPP-lewerbares gemonitor word, om potensiële risiko's en afwykings van aanwysers en die bereiking van uitkomst en nie-voldoening aan wetgewende en beleidsmandate op te spoor.

Die Welsynsgroepering-ouditkomitee het onafhanklike oorsig van die Departement se stelsel van risikobestuur verskaf. Die Ouditkomitee het kwartaallike ORBEK-vorderingsverslae en risikoregisters ontvang om hulle onafhanklike oorsigrol te kan uitvoer.

Gevolgtrekking

Daar is gedurende die 2024/25-boekjaar beduidende vordering met die bestuur van risiko's gemaak. Goeie vordering is veral gemaak om risikobestuur in te nes en die vlak van risikovolwassenheid binne die entiteit te verhoog, wat uiteraard tot gunstige prestasie deur die Entiteit bygedra het.

Die verhoogde risikovolwassenheid in die Entiteit het tot verbeterde risikoresponsstrategieë vir geïdentifiseerde risiko's binne verskeie programme van die Entiteit gelei.

Die fokus van ORBEK op etiek in die entiteit is in lyn met die kultuur van leierskap en bestuur wat in die entiteit ingesluit is.

6. INTERNE BEHEER-EENHEID

Dit is die verantwoordelikheid van die Rekenpligtige Gesag om interne beheer deurlopend te assesser en te beheer om te verseker dat sodanige beheeraktiwiteite doeltreffend, doelgerig en deursigtig is en dat dit verbeter word wanneer dit vereis word. Om dit te bereik word kwartaallike byeenkomste met die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA), programbestuurders en die minister (LUR) gehou om die Bestuursverbeteringsplan te bespreek. Dit is 'n deurlopende proses om te verseker dat die Entiteit op maksimale vlak werk en presteer deur die beheeromgewing te verbeter en sy skoon audit status te behou.

Die Departement het 'n Internebeheerstrategie en -plan ontwerp wat deur die Entiteit aangeneem is, waarin 'n hoëvlakplan oor die implementering van interne beheer binne sy kernfunksies uiteengesit word.

7. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES

7.1 Interne auditfunksie (IOF)

Doel en mandaat:

Die IOF versterk die vermoë van die WKR om waarde te skep, te beskerm en te behou deur die bestuur, en uiteindelik ook die Ouditkomitee, van onafhanklike, risiko-gebaseerde en objektiewe sekerheid, advies, insig en vooruitskouing te voorsien. Sy mandaat is afgelei van artikel 38 van die WOFB, gelees saam met NTR 3.2.

Visie en strategie:

Die strategie vir die IOF is met die Strategiese Raamwerk van die Departement van die Premier belyn, wat as “Begelei, Bemagtig, Rig” opgesom kan word. Die strategie van die IOF vir die volgende vyfjaartermyn, wat met die Strategie van die Tak: Korporatiewe Sekerheid belyn is, is “Getransformeerde bestuur deur proaktiewe, veerkragtige en innoverende sekerheids- en raadgevende dienste wat die behoeftes van kliëntedepartemente antisipeer en waarde aan inwoners bied”.

Handves, metodologie en interne auditplanne:

Die IOF verskaf diens in lyn met 'n handves, wat met die wetgewende voorskrifte en die Internasionale Professionele Praktykeraamwerk (IPPR) belyn is. Die handves word elke tweede jaar hersien, en die jongste hersiening is deur die Groeperingsouditkomitee vir Bestuur, Innovering en Kultuur (B, I & K) kragtens hulle mandaat rakende transversale verantwoordelikhede wat in Desember 2024 goedgekeur is. Die IOF het 'n goedgekeurde metodologie wat met die handves belyn is en sit die besonderhede van die IOF se verantwoordelikhede uiteen, volgens die IOF-handves en ander tersaaklike riglyne.

Die lopende driejaar- strategiese interne auditplan vir die eerste van die drie jaar vir die Departement van Kultuursake en Sport, is op 9 April 2024 deur die Welsyngrøperingskomitee hersien en goedgekeur.

Onafhanklikheid en objektiwiteit:

Ten einde die onafhanklikheid van die IOF te handhaaf, doen sy personeel verslag aan die Hoof- Uitvoerende Ouditbeampte (HUOB) wat funksioneel aan die drie Groeperingsouditkomitees van die WKR verslag doen, direk aan die Rekenpligtige Beampte oor interne auditaktiwiteite vir die Departement en administratief aan die ADG: Korporatiewe Sekerheid in die Departement van die Premier. Die HUOB het die onafhanklikheid van die IOF vir die verslagtydperk op 29 November 2024 aan die B, I & K Groeperingsouditkomitee bevestig (toe hulle oor transversale verantwoordelikhede vergader het). Alle personeellede van die IOF het hulle objektiwiteit jaarliks deur 'n verklaring van voldoening aan die Etiese Kode van die Instituut van Interne Ouditeurs, en ook op opdragvlak, bevestig.

Modaliteit:

Die IOF van die WKR is 'n volledig ingekontrakteerde funksie.

Personeel:

Die goedgekeurde besetting van die IOF is altesaam 81 personeellede, en 43 van hierdie poste is tans befonds. Elke departement het 'n toegewyde span en daar is geen befondste vakatures in die span wat vir die Departement verantwoordelik is nie. Die huidige vaardighede en bevoegdhede van die IOF-personeel is gepas en 'n goed ingeligte opleiding- en ontwikkelingsprogram is in plek.

Gehalteversekerings- en -verbeteringsplan (GVVP):

'n GVVP is in plek en verslaggewing hieroor vind kragtens hulle mandaat oor transversale verantwoordelikhede tweejaarliks by die B, I & K-groeperingsouditkomitee plaas. Die laaste eksterne assessering is in November 2024 afgehandel en 'n “Algemene Voldoening”-gradering is gegee. Die kwessies wat hieruit voortvloei, word nagespoor en vorm deel van die GVVP se verslaggewing aan die B, I & K-groepingsouditkomitee.

Verhouding met belanghebbendes:

Goeie verhoudings met die senior en uitvoerende bestuursspan van die Departement word gehandhaaf, en as daar enige uitdagings voorkom, word dit met die verantwoordelike departementele verteenwoordiger bespreek en word intervensies bedink. In die aanvoer van Gesamentlike Sekerheid binne die WKR word deurlopende verhoudings met die Interne Beheer-eenheid in die Departement en die tersaaklike OGSA-span gehandhaaf.

Opsomming van werk wat gedurende die verslagtydperk deur die IOF gedoen is:

- Die goedgekeurde Interne Ouditplan vir die Departement het altesaam drie (3) sekerheidskakelings en geen adviserende skakelings nie (verwys na die verslag van die Ouditkomitee vir besonderhede). Al die beplande skakelings is afgehandel.
- Daar was geen sake wat oorgedra is nie, geen ad hoc-projekte en geen beperkings wat die werk van die IOF belemmer het nie.

(Verwys asseblief na paragraaf 15 hieronder vir omvattende inligting rakende die Ouditkomitee.)

8. VOLDOENING AAN WETTE EN REGULASIES

Stelsels, beleide en prosesse is in plek om voldoening aan wette en regulasies te verseker.

9. BEDROG EN KORRUPSIE

Bedrog en korrupsie verteenwoordig beduidende potensiële risiko's aan die bates van die Entiteit en kan 'n negatiewe invloed op diensleweringsoptrekkendheid en die reputasie van die Entiteit hê.

Die WKR het 'n Strategie Teen Bedrog en Korrupsie aangeneem wat die Provinsie se standpunt van geen verdraagsaamheid oor bedrog, diefstal en korrupsie bevestig. Die Entiteit is, in lyn met hierdie strategie, aan geen verdraagsaamheid ten opsigte van korrupte, bedrieglike en ander interne en eksterne misdadige aktiwiteite verbind, en sal tot elke prys en met alle regsmiddele tot hulle beskikking enige party wat hom aan sodanige praktyke skuldig maak of dit probeer doen, identifiseer en vervolg.

Die Departement het 'n goedgekeurde Bedrog- en Korrupsievoorkomingsplan en 'n gepaardgaande Implementeringsplan wat uitvoering aan die Voorkomingsplan gee. Daar bestaan verskeie kanale vir die rapportering van bewerings van bedrog, diefstal en korrupsie, wat in besonderhede in die Provinsiale Teenbedrog- en -Korrupsiestrategie, die WKR-fluitjieblasersbeleid en die Departementele Bedrog- en Korrupsievoorkomingsplan beskryf word. Elke bewering wat deur die Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) ontvang word, word in die Saakbestuurstelsel aangeteken, wat as 'n bestuurswerktuig dien oor die vordering wat met sake in verband met die Departement en die Entiteit gemaak word en om statistiek vir die WKR te skep.

Werknemers en werkers wat die fluitjie blaas oor vermoedens van bedrog, korrupsie en diefstal, word beskerm indien die openbaarmaking 'n beskermde openbaarmaking is (m.a.w. aan die statutêre vereistes van die Wet op Beskermde Openbaarmakings, Wet. 26 van 2000 voldoen- byvoorbeeld, as die openbaarmaking te goeder trou gedoen is). Die Fluitjieblasersbeleid van die WKR verskaf riglyne aan werknemers en werkers oor hoe om kommer by die toepaslike lynbestuur, spesifieke aangewese persone in die WKR of eksterne instellings te lug, waar hulle redelike gronde het om te glo dat oortredings of ongerymhede in die WKR plaasvind of plaasgevind het. Die geleentheid om anoniem te bly, word aan elke persoon gegee wat aksies van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld, en, indien hulle dit persoonlik doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon aan wie hulle die oortreding aanmeld.

Indien bedrog, diefstal of korrupsie wel ná ondersoek bevestig word, word die werknemer wat aan sulke aksies deel gehad het, aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. Daar word van die verteenwoordiger van die WKR wat die dissiplinêre verrigtinge inisieer, vereis om ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar bewyse van misdadige optrede wel gevind word, word 'n strafregtelike saak by die Suid-Afrikaanse Polisie diens ingedien.

10. BEPERKING VAN BELANGEBOTSINGS

EWK maak seker dat daar geen belangebotsings is nie deur te verseker dat 'n Verklaring van Belange (WCBD4-vorm) van elke verskaffer wat nie op die Wes-Kaapse Verskaffersdatabasis/Sentrale Verskaffersbasis geregistreer is nie, verkry word. Provinsiale Tesourie staan departemente en Openbare Entiteite by om die risiko van belangebotsings te verminder waar eienaars of direkteure van maatskappye ook staatsamptenare in die Wes-Kaap is. Dit word gedoen deur inligting oor staatsamptenare wat as eienaars of direkteure van maatskappye is, van PERSAL (die Personeelsalarisstelsel) te verskaf. EWK maak seker dat sulke persone in besit van 'n goedkeuringsbrief vir Besoldigde Werk buite die Staatsdiens (BWSD) is voordat sake met hulle gedoen word. EWK het geen belangebotsing met enige werk wat deur verskaffers afgehandel is, geïdentifiseer nie. Indien sodanige belangebotsing opgemerk word, sal die saak as 'n bedrieglike Voorsieningskettingbestuursaktiwiteit hanteer word, waarna die verskaffer ná deeglike ondersoek as 'n 'nie-voorkeur' diensverskaffer geïdentifiseer sal word.

Wat betref die prosesse wat deur EWK kragtens die WNEH uitgevoer word, is die registrasie van belangebotsings'n vaste item op die agendas van die Raad en sy komitees. Kwessies wat deur lede opgebring word, word ooreenkomstig die tersaaklike bepalings van die organisasie se 'Reëls vir Orde en Gedrag in Vergaderings van die Raad van Erfenis Wes-Kaap en sy Komitees' hanteer, waar enige belangebotsing en die verwante aksie onder die tersaaklike sake-item genotuleer word.

11. GEDRAGSKODE

Die beleid wat deur die DKES geïmplementeer is, sluit EWK in. Die Gedragskode word jaarliks aan alle personeellede versprei. Daarbenewens is die verduidelikende handleiding oor die praktiese implementering van die Gedragskode van die Staatsdienskommissie ook aan personeellede voorsien. Alle nuutaangestelde PAY-interns ontvang die Gedragskode as deel van hulle bekendstellingspakkie wanneer hulle diens aanvaar en die inhoud daarvan word ook tydens die departementele induksiesessie bespreek. Werknemers is ook tydens verskeie byeenkomste met senior bestuur herinner aan die departementele beleid oor seksuele teistering en die proses wat gevolg moet word wanneer sodanige gedrag aangemeld word.

Voorts is die raadslede van Erfenis Wes-Kaap verplig om 'n gedragskode rakende hulle verantwoordelikheidsterrein te onderteken en te onderhou.

12. GESONDHEIDS-, VEILIGHEIDS- EN OMGEWINGSKWESSIES

Die DKES voorsien die EWK van kantoorruimte; die beleide wat deur die DKES geïmplementeer is, is dus ook op die EWK van toepassing.

13. MAATSKAPPY-/RAADSEKRETARIS

Nie van toepassing.

14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

Nie van toepassing.

15. VERSLAG VAN OUDITKOMITEE

15.1 Ouditkomitee

Deel 1: Besinning deur die Ouditkomitee

- **Doel en mandaat:** Die Welsingroepering-ouditkomitee is as statutêre liggaam van die Departement van Kultuursake en Sport en sy drie (3) openbare entiteite ingestel om statutêre pligte kragtens artikel 77 van die WOFB, Regulasie 3.1 van die NTR en die pligte wat daaraan kragtens die Verwysingsraamwerk toegeken is, uit te voer. Die jongste Verwysingsraamwerk vir WKR-ouditkomitees is met die provinsiale topbestuur bespreek en op 19 Februarie 2025 deur die Kabinet goedgekeur.
- **Onafhanklikheid:** Die Welsingroepering-ouditkomitee is geheel en al onafhanklik van die Departement en sy drie (3) Openbare Entiteite. Enige belangebotsing of vermeende belangebotsing word op elke vergadering verklaar en dienooreenkomstig gehanteer. 'n Oorkoepelende jaarlikse verklaringsproses word ook geadministreer, waar alle belangebotsings of vermeende belangebotsings met die betrokke persoon/ persone opgevolg word.
- **Beskerming van die onafhanklikheid van die IOF:** Die voorsitter van die Welsingroepering-ouditkomitee het die vergadering van die B, I & K-groeperingsouditkomitee bygewoon waar sy transversale verantwoordelikhede nagekom is. Tydens hierdie vergadering op 29 November 2024 het die B, I & K-groeperingsouditkomitee die organisatoriese posisionering van die IOF en die onafhanklikheidsverklaring van die HUOB hersien. Dit was nie vir die Welsingroepering-ouditkomitee nodig om gedurende hierdie oorsigtydperk in enige situasie in te gryp wat die onafhanklikheid van die IOF beïnvloed nie.
- **Prestasie teenoor statutêre pligte:** Die Welsingroepering-ouditkomitee is tevrede dat dit sy verantwoordelikhede, soos in die WOFB, die Tesourieregulasies, IPPR en die goedgekeurde Verwysingsraamwerk van die Ouditkomitee, nagekom het.
- **Samestelling van die Ouditkomitee:** Die Welsingroepering-ouditkomitee het vir hierdie verslagtydperk ses (6) lede gehad, met 'n geskikte mengsel van vaardighede om sy verantwoordelikhede uit te voer. Die lede is almal eksterne lede. Verwys na die tabel vir inligting oor die lidmaatskap.
- **Bywoning van vergaderings:** Die Welsingroepering-ouditkomitee het sewe (7) keer tydens die verslagtydperk vergader. Alle vergaderings was gewone vergaderings, en geen spesiale vergaderings is vereis nie. Verwys na die tabel oor besonderhede van die bywoning van vergaderings.
- **Resolusie van aanbevelings van die Ouditkomitee:** Die Welsingroepering-ouditkomitee is tevrede dat sy aanbevelings aan die Departement van Kultuursake en Sport en sy drie (3) Openbare Entiteite die nodige aandag ontvang het.
- **Prestasie-evaluering van die Ouditkomitee:** Jaarlikse 360 grade-assesserings oor die prestasies van die ouditkomitee word gedoen. Die Welsingroepering-ouditkomitee het 'n verslag met die uitslae van die jaarlikse assesseringsproses ontvang en tydens 'n vergadering van alle voorsitters van groeperingsouditkomitees, is daar op 'n benadering besluit oor hoe om met geïdentifiseerde kwessies te handel.
- **Vergoeding van Ouditkomitees:** Die Ouditkomitees van die WKR word teen 'n goedgekeurde uurlikse tarief, wat op die tarief van die SAIGR gebaseer is, en net vir die bywoning van vergaderings, vergoed. Voorsitters het R2 835,00 per uur en lede R2 126,00 per uur ontvang. Die totale uitgawes vir al drie WKR-ouditkomitees vir die verslagtydperk was R3,118 miljoen, wat in die Departement van die Premier aangeteken word. Lede van Ouditkomitees wat vir staatsorgane werk, het geen vergoeding ontvang as hulle op 'n WKR-ouditkomitee dien nie.

Deel 2: Samestelling en Bywoning deur Ouditkomitee

Die tabel hier onder verskaf tersaaklike inligting oor die ouditkomiteelede

Naam en van	Kwalifikasies	Professionele affiliasie	Dienstermyn		Aantal vergaderings bygewoon	Verklaarde private en sakebelange in elke vergadering	In diens van 'n staatsorgaan	Aantal ander Ouditkomitees waarop lid in verslagtydperk gedien het	Aantal ander bestuursliggame waarop die lid gedurende die verslagtydperk gedien het
Mnr. Pieter Strauss (Voorsitter)	B Acc B Comp Hons CA (SA)	Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde rekenmeesters	1 Januarie 2022	31 Maart 2025	7	Ja	Nee	3	0
Dr. Gilbert Lawrence	M Med MBChB	Geregistreerde Mediese Praktisyn	1 Januarie 2023	31 Maart 2026	7	Ja	Nee	0	0
Mnr. Terence Arendse	CA (SA)	Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geoktrooieerde Rekenmeesters Kaapse Vereniging van Geoktrooieerde Rekenmeesters 1 Januarie 2023	1 Januarie 2023	31 Maart 2026	7	Ja	Nee	2	0
Me. Annelise Cilliers	CA (SA)	Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters	01 Januarie 2022	31 Maart 2025	7	Ja	Nee	2	1
Me. Fayruz Mohamed	CA (SA)	Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters Instituut van Direkteurs Geoktrooieerde Instituut vir Sekuriteite en Investerings	1 Januarie 2022	31 Maart 2025	6	Ja	Nee	3	1
Me. Judy Gunther	B Compt M Koste-berekening CIA; CRMA	Instituut van Interne Ouditeurs Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters	1 Januarie 2022	31 Maart 2025	6	Ja	Nee	2	2

Deel 3: Fokusareas van Ouditkomitee

- **Doeltreffendheid van interne beheer-stelsel en Gesamentlike Sekerheid**

Daar word van die Departement vereis om stelsels van interne beheer te ontwikkel en te handhaaf wat die waarskynlikheid van die bereiking van doelwitte verbeter, om aan te pas by veranderinge in die omgewing waarin dit funksioneer en die doeltreffendheid en effektiwiteit van sy aktiwiteite sal verbeter, en betroubare verslagdoening en voldoening aan wette en regulasies sal ondersteun. Die WKR het 'n Gesamentlike Sekerheidsraamwerk aangeneem wat sekerheidsverskaffers identifiseer en integreer. Die eerste vlak van sekerheid is bestuursekerheid, wat van lynbestuur verwag om doeltreffende interne beheer te handhaaf en om sodanige prosedures deur middel van toesighoudende beheer op 'n daaglikse basis uit te voer en, waar nodig, remediërende stappe te doen. Die tweede vlak van sekerheid is interne sekerheid wat verskaf word deur funksies wat afsonderlik van lynbestuur verskaf word, en wat met die assessering van voldoening aan beleide, prosedures, norme, standaarde en raamwerke toevertrou is. Die derde vlak van sekerheid is onafhanklike sekerheidsverskaffers wat deur professionele standaarde gerig word en die hoogste vlakke van onafhanklikheid vereis.

'n Risikogebaseerde Gesamentlike Sekerheidsplan, is vir die Departement en sy drie (3) Openbare Entiteite ontwikkel. Dit is deur Interne Oudit gefasiliteer, wat ook 'n onafhanklike sekerheidsverskaffer is,. Interne Oudit verskaf die Ouditkomitee en Bestuur van redelike sekerheid dat die interne beheermaatreëls toereikend en doeltreffend is. Dit word behaal deur 'n goedgekeurde risikogebaseerde interne auditplan, Interne Oudit wat die toereikendheid assessee van beheermaatreëls wat die risiko's versag, en die Ouditkomitee wat die implementering van regstellende aksies monitor.

- **Doeltreffendheid van die interne audit-funksie**

Die auditkomitee het die doeltreffendheid van die interne audit-funksie, insluitend voldoening aan die IPPR gemonitoren en hersien. Sodanige monitering en hersiening is deur die Gehalteversekerings- en Ontwikkelingsprogram uitgevoer, waarvan die uitslae tweejaarliks aan die auditkomitee voorgeleë word.

- **Aktiwiteite van die interne audit-funksie**

Gedurende die verslagjaar is geen auditopdragte vir die Entiteit uitgevoer nie, en ook nie as deel van auditopdragte vir die Departement wat op die Entiteit betrekking het nie.

- **Doeltreffendheid van risikobestuur**

Die Ouditkomitee het die entiteit se risikobestuur hersien en is tevrede dat dit sy pligte ingevolge sy mandaat nagekom het.

- **Bevoegdheid, betroubaarheid en akkuraatheid van finansiële en prestasie-inligting**

Die Ouditkomitee het die finansiële en prestasie-inligting van die Entiteit hersien en is tevrede dat dit sy pligte ingevolge sy mandaat nagekom het.

- **Rekeningkundige en auditkwelpunte geïdentifiseer as gevolg van interne en eksterne audits**

Die Ouditkomitee het geen rekeningkundige of auditkwessies geïdentifiseer nie, buiten dié wat in die OGSA-verslag en die finansiële jaarstate gerapporteer is.

- **Evaluering van finansiële jaarstate**

Die Ouditkomitee het:

- die Geouditeerde Finansiële Jaarstate hersien wat by die Jaarverslag ingesluit gaan word.
- die Bestuursverslag van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika en die bestuur se reaksie daarop hersien.
- wysigings aan rekeningkundige beleide en praktyke, soos in die Finansiële Jaarstate gerapporteer, hersien.

- **Verslag van eksterne audit en Ouditeur-generaal**

Die Ouditkomitee het op 'n kwartaallikse grondslag die Entiteit se implementeringsplan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is, hersien. Die Ouditkomitee het met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies uit die regulatoriese audit spruit nie. Regstellende stappe rakende die gedetailleerde bevindings van die OGSA word deur die Ouditkomitee op 'n kwartaallikse grondslag gemonitor.

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die OGSA se uitkoms van die auditopdrag ten opsigte van die Finansiële Jaarstate, en stel voor dat hierdie Geouditeerde Finansiële State aanvaar en saam met hul verslag gelees word.

- **Enige ander kwessies**

Geen.

- **Ten slotte**

Die Ouditkomitee spreek waardering uit teenoor die entiteit vir die handhawing van 'n ongekwalifiseerde audituitkoms, sonder enige wesenlike bevindings.



Dr. G Lawrence

Voorsitter van die Welsyngroepering-ouditkomitee

Datum: 8 Augustus 2025

16. INLIGTING OOR BBSEB-VOLDOENINGSPRESTASIE

Die onderstaande tabel is voltooï in ooreenstemming met die voldoening aan die BBSEB-vereistes van die BBSEB-wet van 2013 en soos deur die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging bepaal is.

Het die Departement / Openbare Entiteit enige tersaaklike Kode van Goeie Praktyk (BBSEB-sertifikaat: Vlak 1-8) ten opsigte van die volgende toegepas:		
Kriteria	Response Ja / Nee	Bespreking (sluit 'n bespreking oor u respons in en dui aan watter maatreëls gebruik is om voldoening te verseker)
Is kwalifikasiekriteria vir die uitreiking van lisensies, konsessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit kragtens enige wet vasgestel?	Nee	Die entiteit reik nie lisensies, konsessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit kragtens enige wet uit nie.
Ontwikkel en implementeer 'n voorkeurverkrygingsbeleid?	Ja	Die VKB-beleid van die Entiteit maak voorsiening vir die implementering van voorkeurverkryging.
Vasstelling van kwalifikasiekriteria vir die verkoop van ondernemings in staatsbesit?	Nee	Die entiteit is nie betrokke by die verkoop van ondernemings in staatsbesit nie.
Ontwikkeling van kriteriavir die sluit van vennootskappe met die private sektor?	Nee	Die entiteit neem nie deel aan vennootskappe met die private sektor nie.
Bepaling van kriteria vir die toekenning van aansporings, toelaes en beleggingskemas ter ondersteuning van Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging?	Nee	Die entiteit is nie by die toekenning van aansporings, toelaes en beleggingskemas ter ondersteuning van BBSEB betrokke nie.

DEEL D: MENSEHULPBRONBESTUUR

Baboon Point, Elandsbaai

Elandsbaai, insluitend Baboonpunt, is bekend vir sy grotskilderye, wat insigte bied in die streek se ryk geskiedenis en erfenis.



1. INLEIDING

Die personeel word deur die Departement van Kultuursake en Sport in diens geneem, en die tersaaklike inligting verskyn in die Jaarverslag van die DKES.

2. OORSIGSTATISTIEK OOR MENSLIKE HULPBRONNE

Hierdie statistieke word ook in die Jaarverslag van die Departement van Kultuursake en Sport weergegee.

DEEL E: VERSLAG OOR VOLDOENING AAN WOFEB

Swartbergpas, Prins Albert

Die Swartbergpas, geleë binne 'n UNESCO Wêrelderfenisgebied, is geleë tussen Oudtshoorn en Prince Albert. Die pas is op 10 Januarie 1888 geopen. Die droogstene steunmure, wat sommige van sy haarspeldboë ondersteun, is steeds in plek en meer as 130 jaar oud.

1. ONREËLMATIGE, VRUGTELOSE EN VERKWISTENDE EN WESENLIKE VERLIESE

1.1. Onreëlmatige uitgawes

a) Rekonsiliasie van onreëlmatige uitgawes

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Openingsaldo	-	-
Aanpassing aan openingsaldo	-	-
Openingsaldo soos herstel	-	-
Plus: Onreëlmatige uitgawes bevestig	-	-
Minus: Onreëlmatige uitgawes gekondoneer	-	-
Minus: Onreëlmatige uitgawes nie gekondoneer en verwyder	-	-
Minus: Onreëlmatige uitgawes herwinbaar	-	-
Minus: Onreëlmatige uitgawes nie herwinbaar en afgeskryf	-	-
Afsluitingsaldo	-	-

Rekonsiliasienotas

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes wat onder assessering was	-	-
Onreëlmatige uitgawes in verband met die vorige jaar, wat in hierdie jaar geïdentifiseer is	-	-
Onreëlmatige uitgawes vir die huidige jaar	-	-
Totaal	-	-

b) Besonderhede van onreëlmatige uitgawes in huidige en vorige jaar (onder assessering, vasstelling of ondersoek)

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes onder assessering	-	-
Onreëlmatige uitgawes onder vasstelling	-	-
Onreëlmatige uitgawes onder ondersoek	-	-
Totaal	-	-

c) Besonderhede van onreëlmatige uitgawes gekondoneer

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes gekondoneer	-	-
Totaal	-	-

d) Besonderhede van onreëlmatige uitgawes verwyder - (nie gekondoneer))

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes NIE gekondoneer en verwyder	-	-
Totaal	-	-

e) Besonderhede van onreëlmatige uitgawes herwinbaar

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes herwinbaar	-	-
Totaal	-	-

f) Besonderhede van onreëlmatige uitgawes in huidige en vorige jaar wat afgeskryf is (oninbaar)

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes afgeskryf	-	-
Totaal	-	-

Bykomende openbaarmaking in verband met inter-institusionele reëlings

g) Besonderhede van gevalle van nie-voldoening waar 'n instelling in 'n inter-institusionele reëling betrokke is (waar sodanige instelling nie verantwoordelik is vir nie-voldoening nie)

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Nie van toepassing		
Totaal		

h) Besonderhede van onreëlmatige uitgawes waar 'n instelling in 'n inter-institusionele reëling betrokke is (waar sodanige instelling wel verantwoordelik is vir nie-voldoening)

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Nie van toepassing		
Totaal		

i) **Besonderhede van dissiplinêre of strafregtelike stappe gedoen as gevolg van onreëlmatige uitgawes**

Dissiplinêre stappe gedoen
Nie van toepassing

1.2. **Vrugtelose en verkwistende uitgawes**

a) **Rekonsiliasie van vrugtelose en verkwistende uitgawes**

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Openingsaldo	-	-
Aanpassing van openingsaldo	-	-
Openingsaldo soos herhaal	-	-
Plus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes bevestig	-	-
Minus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes herwinbaar6	-	-
Minus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes nie herwinbaar en afgeskryf	-	-
Afsluitingsaldo	-	-

Rekonsiliasienotas

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat onder assessering was	-	-
Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat verband hou met die vorige jaar en in die huidige jaar geïdentifiseer is	-	-
Vrugtelose en verkwistende uitgawes vir die huidige jaar	-	-
Totaal	-	-

b) **Besonderhede van vrugtelose en verkwistende uitgawes (onder assessering, vasstelling en ondersoek)**

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende uitgawes onder assessering	-	-
Vrugtelose en verkwistende uitgawes onder vasstelling	-	-
Vrugtelose en verkwistende uitgawes onder ondersoek	-	-
Totaal	-	-

c) Besonderhede van vrugtelose en verkwistende uitgawes herwinbaar

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende uitgawes herwinbaar	-	-
Totaal	-	-

d) Besonderhede van vrugtelose en verkwistende uitgawes nie herwinbaar en afgeskryf

Beskrywing	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende uitgawes nie herwinbaar en afgeskryf	-	-
Totaal	-	-

e) Besonderhede van dissiplinêre of strafregtelike stappe gedoen as gevolg van vrugtelose en verkwistende uitgawes

Dissiplinêre stappe gedoen
Nie van toepassing

1.3. Bykomende openbaarmaking van wesenlike verliese kragtens WOFB artikel 55(2) (b)(i) &(iii)

a) Besonderhede van wesenlike verliese vanjaar en vorige jaar as gevolg van misdadige optrede

Wesenlike verliese weens gevolg van misdadige optrede	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
Diefstal	-	-
Ander wesenlike verliese	-	-
Minus: Herwinbaar	-	-
Minus: Nie herwinbaar en afgeskryf	-	-
Totaal	-	-

b) Besonderhede van ander wesenlike verliese

Aard van ander wesenlike verliese	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
(Groepeer kategorieë, maar maak 'n lys van wesenlike items)	-	-
Totaal	-	-

c) Ander wesenlike verliese herwinbaar

Aard van verliese	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
(Groepeer kategorieë, maar maak 'n lys van wesenlike items)	-	-
Totaal	-	-

d) Ander wesenlike verliese nie herwinbaar en afgeskryf

Aard van verliese	2024/25	2023/24
	R'000	R'000
(Groepeer kategorieë, maar maak 'n lys van wesenlike items)	-	-
Totaal	-	-

2. LAAT EN/OF NIE-BETALING VAN VERSKAFFERS

Beskrywing	Getal fakture	Gekonsolideerde waarde
		R'000
Geldige fakture ontvang	52	406
Fakture betaal binne 30 dae of ooreengekome tydperk	52	406
Fakture betaal ná 30 dae of ooreengekome tydperk	N.v.t.	-
Fakture ouer as 30 dae of ooreengekome tydperk (nie betaal en sonder dispuut)	N.v.t.	-
Fakture ouer as 30 dae of ooreengekome tydperk (nie betaal en in dispuut)	N.v.t.	-

3. VOORSIENINGSKETTINGBESTUUR

3.1. Verkryging op ander maniere

Beskrywing van projek	Naam van verskaffer	Tipe verkryging op ander maniere	Kontrak-nommer	Waarde van kontrak R'000
Hernuwing van CaseWare-lisensie	Adapt IT*	Beperkte tenderaansoek	HWC_ORD-POA45389	31
Robbeneiland-pontkoste	Robben Island Museum**	Beperkte tenderaansoek	HWC_ORD-POA45424	52
Hernuwing van Pastel-lisensie	SAGE Pastel Accounting***	Beperkte tenderaansoek	HWC_ORD-POA45192	20
Totaal				103

* Die verskaffer is die alleenverskaffer vir die Caseware-sagteware wat vir die samestelling van die Finansiële Jaarstate gebruik word.

** Die verskaffer is die alleenverskaffer vir pontritte na Robbeneiland.


*** Die verskaffer is die alleenveskaffer vir die Pastel- rekeningkundige sagteware wat as die primêre finansiëlebestuurstelsel van die Entiteit gebruik word.

3.2 Kontrakwysigings en -uitbreidings

Beskrywing van projek	Naam van verskaffer	Verandering van kontrak (afwyking of uitbreiding)	Contract number	Kontrak-nommer	Waarde van vorige kontrak-uitbreiding en/ of -afwyking (as van toepassing)	Waarde van huidige kontrak-uitbreiding en/of -afwyking R'000
N/A						

DEEL F: FINANSIËLE INLIGTING

Wuppertal, Sederberge: die heropbou van huise in die beskermde erfenisgebied van die Wuppertal Morawiese Sendingstasie ná die brand van 2018.



Verslag van die Ouditeur-generaal aan die Wes-Kaapse Parlement oor Erfenis Wes-Kaap

Verslag oor die finansiële state

1. Ek het die finansiële state van Erfenis Wes-Kaap hersien, soos op bladsy 3 tot 23 uiteengesit is en wat insluit die Staat van die Finansiële Posisie soos op 31 Maart 2025, die Staat van Finansiële Prestasie, Staat van Veranderinge in Netto Bates, Staat van Kontantvloei en Vergelykende Staat van Begrotingsinligting met werklike bedrae vir die jaar wat toe geëindig het, asook notas tot die finansiële state en 'n opsomming van beduidende rekenkundige beleide.

Gevolgtrekking

2. In my oorsig het niks onder my aandag gekom wat my kon laat glo dat die finansiële state nie in alle wesenlike opsigte die finansiële posisie van die Erfenis Wes-Kaap en sy finansiële prestasie soos op 31 Maart 2025 en sy kontantvloei vir die jaar wat toe geëindig het, ooreenkomstig die Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), Wet 1 van 1999, billik verteenwoordig nie.

Verantwoordelikhede van die Rekenpligtige Gesag vir die Finansiële State

3. Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding en billike aanbieding van die finansiële state ooreenkomstig die AERP en WOFB, asook vir sodanige interne beheer wat die Rekenpligtige Gesag bepaal nodig is om die voorbereiding van finansiële state wat vry van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, moontlik te maak.
4. In die voorbereiding van die finansiële state is die Rekenpligtige Gesag verantwoordelik vir die assessering van die vermoë van die Openbare Entiteit om as lopende saak voort te gaan; die openbaarmaking, waar van toepassing, van kwessies wat met die lopende saak verband hou, en om die lopendesaakbasis van rekeningkunde te gebruik, tensy die toepaslike bestuurstruktuur die bedoeling het om óf die Openbare Entiteit te likwiedeer óf om die bedrywighede te staak, óf geen ander realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

Verantwoordelikhede van die Ouditeur-generaal vir die audit van die finansiële state

5. My verantwoordelikheid is om tot 'n gevolgtrekking te kom oor die meegaande finansiële state. Ek het my oorsig gedoen in ooreenstemming met die Internasionale Standaarde oor Oorsigskakelings (ISRE) 2400 (Hersien), Engagements to review historical financial statements. Die standaard vereis van my om 'n gevolgtrekking te maak oor of enigiets onder my aandag gekom het wat veroorsaak dat ek glo dat die finansiële state, in die geheel gesien, nie in alle wesenlike aspekte ooreenkomstig die toepaslike finansiëleverslagdoeningsraamwerk voorberei is nie. Hierdie standaard vereis ook van my om aan tersaaklike etiese vereistes te voldoen.
6. 'n Oorsig van finansiële state ooreenkomstig ISRE 2400 (Hersien) is 'n beperkte sekerheidskakeling. Van my word vereis om prosedures uit te voer wat hoofsaaklik bestaan uit navrae aan bestuur en andere in die geouditeerde organisasie, soos toepaslik, en om analitiese prosedures toe te pas, en om die bewyse wat verkry is, te evalueer.
7. Die prosedures wat in 'n oorsigskakeling uitgevoer word, is wesenlik minder as sodaniges wat in 'n audit wat ooreenkomstig die Internasionale Standaarde oor Ouditering onderneem word. Gevolglik gee ek geen auditmening oor hierdie finansiële state nie.

Verslag oor die Jaarlikse Prestasieverslag

8. Kragtens die Wet op Openbare Oudit, Wet 25 van 2004 (WOO) en die algemene kennisgewing wat in terme hiervan uitgereik is, moet ek 'n audit uitvoer en verslag doen oor die nut en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting teenoor voorafbepaalde doelwitte vir die geselekteerde wesenlike prestasie-aanwysers wat in die Jaarlikse Prestasieverslag aangebied word. Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding van die Jaarlikse Prestasieverslag.
9. Ek het die volgende wesenlike prestasie-aanwysers gekies wat verband hou met die program: erfenishulpbronbestuur, wat in die jaarlikse prestasieverslag vir die jaar geëindig 31 Maart 2025 aangebied is. Ek het daardie aanwysers gekies wat die Openbare Entiteit se prestasie op sy primêre mandaatfunksies meet en wat beduidend in nasionale, gemeenskaps- en openbare belang is.
 - Getal terreininspeksies wat by provinsiale erfenisterreine onderneem is.
 - Getal geleenthede by provinsiale erfenisterreine vir die bevordering van erfenishulpbronne.
 - Getal programme aangebied om erfenishulpbronbestuur te bevorder.
10. Ek het die gerapporteerde prestasie-inligting vir die geselekteerde wesenlike prestasie-aanwysers geëvalueer teenoor die kriteria wat vir die prestasiebestuurs- en verslagdoeningsraamwerk ontwikkel is, soos in die algemene kennisgewing gedefinieer is. Wanneer 'n jaarlikse prestasieverslag voorberei word deur hierdie kriteria te gebruik, verskaf dit nuttige en betroubare inligting en insigte aan gebruikers oor die Openbare Entiteit se beplanning en lewering van sy mandaat en doelwitte.
11. Ek het prosedures uitgevoer om te bepaal of:
 - die aanwysers wat vir beplanning en verslagdoening oor prestasie gebruik is, direk aan die mandaat van die Openbare Entiteit en die bereiking van sy beplande doelwitte gekoppel kan word.
 - die aanwysers wat ter sake is vir die meting van die prestasie van die Openbare Entiteit teenoor sy primêre gemandateerde en geprioritiseerde funksies en beplande doelwitte is ingesluit.
 - die aanwysers is deeglik gedefinieer en verifieerbaar ten einde te verseker dat hulle maklik is om te verstaan en deurgaans toegepas kan word, en dat ek die metodes en prosesse wat gebruik gaan word om die prestasie te meet, kan bevestig.
 - die teikens direk aan die prestasie van die aanwysers gekoppel kan word, en spesifiek, tydgebonde en meetbaar is om te verseker dat dit maklik is om te verstaan wat gelewer moet word en wanneer, die vereiste prestasievlak asook hoe prestasie geëvalueer gaan word.
 - die aanwysers en teikens waaroor in die jaarlikse prestasieverslag verslag gedoen word, dieselfde is as dié waartoe daar in die goedgekeurde aanvanklike of hersiene beplanningsdokumente ingestem is.
 - die gerapporteerde prestasie-inligting in die jaarlikse prestasieverslag word op die voorgeskrewe wyse aangebied.
 - daar is voldoende ondersteunende bewyse vir die prestasies waaroor verslag gedoen word en vir die redes vir oor- of onderprestasie van die teikens.
12. Ek het die prosedures slegs vir die doel van verslagdoening oor wesenlike bevindings gedoen en nie om 'n sekerheidsmening of -gevolgtrekking uit te spreek nie.
13. Ek het geen wesenlike bevindings oor die gerapporteerde prestasie-inligting vir die geselekteerde aanwysers geïdentifiseer nie.

Verslag oor voldoening aan wetgewing

14. In ooreenstemming met die WOO en die algemene kennisgewing in terme daarvan, moet ek die voldoening aan tersaaklike wetgewing wat met finansiële sake, finansiële bestuur en ander verwante sake verband hou, audit en daarvoor verslag doen. Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die voldoening aan wetgewing deur die Openbare Entiteit.

Verslag van die eksterne ouditeur

15. Ek het prosedures uitgevoer om voldoening aan geselekteerde vereistes in sleutel-wetgewing te toets, in ooreenstemming met die OGSA se bevindingskakelingsmetodologie. Hierdie skakeling is nie 'n sekerheidskakeling nie. Ek gee nie 'n sekerheidsopinie of -gevolgtrekking nie.
16. Ek het met behulp van die gevestigde OGSA-proses vereistes in sleutel-wetgewing oor toetsing van voldoening geselekteer wat tersaaklik vir finansiële en prestasiebestuur van die Openbare Entiteit is, wat duidelik is om konsekwente meting en evaluering toe te laat, en terselfdertyd genoegsaam gedetailleerd en geredelik beskikbaar is om op 'n verstaanbare wyse verslag te doen. Die geselekteerde wetgewende vereistes is in die Bylae tot hierdie auditverslag ingesluit.
17. Ek het nie enige wesenlike nie-voldoening aan die geselekteerde wetgewende vereistes geïdentifiseer nie.

Tekortkominge in interne beheer

18. Ek het interne beheer wat ter sake is vir my skakeling oor die finansiële state, Jaarlikse Prestasieverslag en voldoening aan toepaslike wetgewing, in ag geneem; my doel was egter nie om enige vorm van sekerheid daarvoor uit te spreek nie.
19. Ek het geen beduidende tekortkominge in interne beheer geïdentifiseer nie.

Professionele etiek en gehaltebeheer

20. Ek staan onafhanklik van die Openbare Entiteit, in ooreenstemming met die Internasionale Etiekstandaarderaad vir Rekenmeesters se Internasionale Kode vir Etiek vir Professionele Rekenmeesters (insluitend Internasionale Onafhanklikheidsstandaarde) (IESBA-kode), asook ander etiese vereistes wat ter sake is in my skakelings in Suid-Afrika. Ek het my ander etiese verantwoordelike ooreenkomstig hierdie vereistes en die IESBA-kode uitgevoer.
21. In ooreenstemming met die Internasionale Standaard oor Gehaltebestuur 1, handhaaf die OGSA 'n omvattende stelsel van gehaltebestuur wat gedokumenteerde beleide en prosedures oor voldoening aan etiese vereistes en professionele standaarde insluit.

Kaapstad
31 Julie 2025



Verslag van die eksterne ouditeur

Bylae tot die ouditeursverslag

Voldoening aan wetgewing – geselekteerde wetgewende vereistes

Die geselekteerde wetgewende vereistes is die volgende:

Wetgewing	Artikels of regulasies
Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), Wet 1 van 1999	Artikel 51(1)(b)(i); 51(1)(b)(ii); 51(1)(e)(iii); 53(4); 54(2)(c); 54(2)(d); 55(1)(a); 55(1)(b); 55(1)(c)(i); 56; 57(b); 66(4)
Tesourieregulasies, 2005	Regulation 16A3.2; 16A3.2(a); 16A6.1; 16A6.2(a); 16A6.2(b); 16A6.3(a); 16A6.3(b); 16A6.3(c); 16A6.3(e); 16A6.4; 16A6.5; 16A6.6; 16A7.1; 16A7.3; 16A7.6; 16A8.3; 16A8.4; 16A9.1(b)(ii); 16A9.1(d); 16A9.1(e); 16A9.1(f); 16A9.2; 16A9.2(a)(ii); 30.1.1; 30.1.3(a); 30.1.3(b); 30.1.3(d); 30.2.1; 31.1.2(c); 31.2.1; 31.2.5; 31.2.7(a); 31.3.3; 33.1.1; 33.1.3
Wet op die Ontwikkelingsraad van die Konstruksiebedryf, Wet 38 van 2000	Artikel 18(1)
Regulasies vir die Ontwikkelingsraad van die Konstruksiebedryf, 2004	Regulasie 17; 25(7A)
Instruksie No. 5 van 2020/21 van die Nasionale Tesourie	Paragraaf 4.8; 4.9; 5.3
Tweede Wysigingsinstruksie No. 5 van 2020/21 van die Nasionale Tesourie	Paragraaf 1
Erratum Instruksie No. 5 van 2020/21 van die Nasionale Tesourie	Paragraaf 2
Instruksie No. 1 van 2021/22 van die Nasionale Tesourie	Paragraaf 4.1
Instruksie no. 4 van 2015/15 van die Nasionale Tesourie	Paragraaf 3.4
VKB-instruksienota 4A van 2016/17 van die Nasionale Tesourie	Paragraaf 6
VKB-instruksienota 03 van 2021/22 van die Nasionale Tesourie	Paragraaf 4.1; 4.2 (b); 4.3; 4.4(a); 4.17; 7.2; 7.6
VKB-instruksienota 11 van 2021/22 van die Nasionale Tesourie	Paragraaf 3.4(a); 3.4(b); 3.9
VKB-instruksienota 2 van 2021/22 van die Nasionale Tesourie	Paragraaf 3.2.1; 3.2.4; 3.2.4(a); 3.3.1
Praktyknota 5 of 2009/10	Paragraaf 3.3
Praktyknota 7 of 2009/10	Paragraaf 4.1.2
Wet op die Voorkeurverkrygingsbeleid-raamwerk, Wet 5 van 2000	Artikel 1 Artikel 2.1(a); 2.1(f)
Voorkeurverkrygingsregulasies, 2017	Paragraaf 4.1; 4.2; 5.1; 5.3; 5.6; 5.7; 6.1; 6.2; 6.3; 6.6; 6.8; 7.1; 7.2; 7.3; 7.6; 7.8; 8.2; 8.5; 9.1; 10.1; 10.2; 11.1; 11.2
Voorkeurverkrygingsregulasies, 2022	Paragraaf 4.1; 4.2; 4.3; 4.4; 5.1; 5.2; 5.3; 5.4
Wet op die Voorkoming en Bekamping van Korrupte Aktiwiteite, Wet 12 van 2004	Artikel 34(1)

Staat van finansiële posisie

Syfers in Rand duisende	Nota(s)	2025	2024
Bates			
Lopende bates			
Kontant en kontantekwivalente	3	10 517	9 969
Vorrade	4	140	149
Ontvangbares uit ruiltransaksies	5	8	50
Ontvangbares uit nie-ruiltransaksies	6	2 000	-
		12 665	10 168
Totaal: Bates		12 665	10 168
Laste			
Lopende laste			
Betaalbares van ruiltransaksies	7	17	-
Onbestede voorwaardelike toelaes en ontvangstes	8	100	166
		117	166
Totaal: Laste		117	166
Netto bates		12 548	10 002
Opgehoopte surplus		12 548	10 002
Totaal: Netto bates		12 548	10 002

Staat van Finansiële Prestasie

Syfers in Rand duisende	Nota(s)	2025	2024
Inkomste			
Inkomste uit ruiltransaksies			
Erfenisaansoektariewe	9	911	845
Rente ontvang	10	799	827
Totaal: Inkomste uit ruiltransaksies		1 710	1 672
Inkomste uit nie-ruiltransaksies			
Ander inkomste uit nie-ruiltransaksies	11	8 210	7 394
Oordraginkomste			
Oordragte en subsidies ontvang	12	2 500	1 893
Benutting van voorwaardelike toelaag	13	66	303
Totaal: Inkomste uit nie-ruiltransaksies		10 776	9 590
Totaal: Inkomste		12 486	11 262
Uitgawes			
Ouditgeld	14	(102)	(78)
Regskoste	15	(98)	(1 241)
Dienste in natura	16	(8 210)	(7 394)
Algemene uitgawes	17	(842)	(779)
Ledegeld	18	(688)	(624)
Totaal: Uitgawes		(9 940)	(10 116)
Surplus vir die jaar		2 546	1 146

Staat van verandering in netto bates

Syfers in Rand duisende	Accumulated surplus/ deficit	Total net assets
Saldo op 1 April 2023	8 856	8 856
Verandering in netto bates	1 146	1 146
Surplus vir die jaar	1 146	1 146
Totaal: Veranderinge	10 002	10 002
Saldo op 1 April 2024		
Verandering in netto bates		
Surplus vir die jaar	2 546	2 546
Totaal: Veranderinge	2 546	2 546
Saldo op 31 Maart 2025	12 548	12 548

Kontantvloeistaat

Syfers in Rand duisende	Nota(s)	2025	2024
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Ontvangstes			
Kontant ontvang		1 411	3 040
Rente-inkomste		841	830
		<u>2 252</u>	<u>3 870</u>
Betalings			
Kontant aan verskaffers betaal		(1 704)	(2 783)
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	19	<u>548</u>	<u>1 087</u>
Netto toename in kontant en kontantekwivalente			
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		9 969	8 882
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	3	<u>10 517</u>	<u>9 969</u>

Staat van vergelyking van begrote en werklike bedrae

Begroting op kontantbasis

	Goed-gekeurde begroting	Aan-passings	Finale begroting	Werklike bedrae op vergelyk-ende basis	Verskil tussen finale begrote en werklike bedrae	Ver-wys-ing
Syfers in Rand duisend						

Staat van Finansiële Prestasie

Inkomste

Nie-belastinginkomste

Verkope van goedere en dienste anders as kapitale bates	836	-	836	911	75	23.1
Inkomste van entiteit anders as verkope	847	-	847	841	(6)	
Oordragte en subsidies ontvang	500	-	500	500	-	
Totaal: Inkomste	2 183	-	2 183	2 252	69	

Uitgawes

Lopende betalings

Goedere en dienste	(2 183)	-	(2 183)	(1 704)	479	23.2
Totaal: Uitgawes	(2 183)	-	(2 183)	(1 704)	479	
Surplus	-	-	-	548	548	
Werklike bedrag op vergelykende basis soos in die begroting en werklike vergelykbare staat aangebied	-	-	-	548	548	

Rekonsiliasie (in bedryf)

Basisverskil (in bedryf)

Verkope van goedere en dienste anders as kapitale bates				2 000		
Inkomste van entiteit anders as verkope				24		
Ander nie-belastinginkomste (Dienste <i>in natura</i>)				8 210		
Goedere en dienste				(26)		
Goedere en dienste (Dienste <i>in natura</i>)				(8 210)		

Tydsberekeningverskil (in bedryf)

Entiteitsverskil (in bedryf)

Werklike bedrag in die Staat van Finansiële Prestasie				2 546		
---	--	--	--	-------	--	--

Begroting op kontantbasis	Nota(s)	2025	2024
---------------------------	---------	------	------

1. Aanbieding van die Finansiële Jaarstate

Die belangrike rekeningkundige beleide wat in hierdie finansiële jaar toegepas is, word hier onder uiteengesit.

1.1 Basis van voorbereiding

Die Finansiële Jaarstate is voorberei ooreenkomstig die Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP), wat deur die Rekeningkundige-standaarderaad uitgegee is kragtens Artikel 91(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999).

Hierdie Finansiële Jaarstate is op 'n toevallingsbasis van rekeningkunde voorberei, en is in ooreenstemming met historiese kostekonvensie as die basis van meting, tensy anders gespesifiseer. Dit word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Alle syfers is tot die naaste duisend afgerond.

'n Opsomming van die belangrike rekeningkundige beleide, wat konsekwent in die voorbereiding van hierdie Finansiële Jaarstate toegepas is, word hier onder uiteengesit.

1.2 Aanne van lopende saak

Hierdie Finansiële Jaarstate is voorberei met die verwagting dat die entiteit met sy bedrywighede as 'n lopende saak vir minstens die volgende 12 maande sal voortgaan.

1.3 Wesenlikheid

Weglatinge of wanvoorstellings van items is wesenlik belangrik as hulle individueel of gesamentlik die besluite of assesserings van gebruikers wat op grond van die finansiële state gemaak is, kan beïnvloed. Wesenlikheid hang van die aard of grootte van die weglating of wanvoorstelling af, beoordeel volgens die konteksomstandighede. Die aard of grootte van 'n inligtingsitem, of 'n kombinasie van beide, kan die bepalende faktor wees.

Assessering om te bepaal of 'n weglating of 'n wanvoorstelling die besluite van gebruikers kan beïnvloed, en sodoende wesenlik belangrik kan wees, vereis dat die kenmerke van daardie gebruikers oorweeg moet word. Die Raamwerk vir die Voorbereiding en Aanbieding van Finansiële State stel dit duidelik dat daar veronderstel word dat gebruikers 'n redelike kennis van die regering, sy aktiwiteite en rekeningkunde het en bereid is om die inligting met 'n redelike mate van konsentrasie te bestudeer. Daarom neem die assessering in ag hoe daar met redelikheid verwag kan word dat gebruikers met sulke eienskappe beïnvloed kan word om sekere besluite te neem.

1.4 Beduidende oordele en bronne van skattingsonsekerheid

Die entiteit doen beramings en maak aannames oor die toekoms. Die gevolglike rekeningkundige beramings sal per definisie selde gelyk wees aan die verwante werklike koste. Beramings en oordele word deurlopend geëvalueer en is op historiese ervarings en ander faktore gegrond, insluitend verwagtinge van toekomstige gebeure wat onder die omstandighede as redelik geag word. Die beramings en aannames wat sodanig 'n beduidende risiko inhou dat dit in die volgende boekjaar 'n wesenlike aanpassing aan die drabedrae van bates en laste kan veroorsaak, word hier onder bespreek.

Ontvangbares

Die entiteit assesser sy ontvangbares aan die einde van elke verslagtydperk vir waardevermindering. Om te bepaal of 'n waardeverminderingsverlies in surplus of tekort aangeteken moet word, doen die entiteit sekere beoordelings oor of die waarneembare data 'n meetbare afname in die beraamde toekomstige kontantvloei van 'n finansiële bate aandui.

Die waardevermindering vir ontvangbares word op portefeulje-grondslag bereken, gegrond op historiese verliesverhoudings, wat aangepas word vir nasionale en bedryfspesifieke ekonomiese toestande en ander aanwysers wat teen die verslagdatum bestaan wat met foute in die portefeulje korreleer. Hierdie jaarlikse verhoudings word op leningsaldo's in die portefeulje toegepas en bereken teen die beraamde komende verlies vir die tydperk.

1.4 Beduidende oordele en bronne van skattingsonsekerheid (vervolg)

Toelating vir waardevermindering

'n Beraming vir die waardevermindering van ontvangbares word gemaak wanneer dit nie meer waarskynlik is om die volle bedrag te in nie. Die voorsiening vir waardeverminderingskuld sal slegs op handelontvangbares bereken word. Die totale waardeverminderingsvoorsiening vir die entiteit sal óf deur individuele skuldeisers óf ten minste per risikokategorie bereken word.

1.5 Eiendom, aanleg/perseel en toerusting

Eiendom, aanleg/perseel en toerusting is tasbare nie-lopende bates (insluitend infrastruktuurbates) wat gehou word vir gebruik in die produksie of verskaffing van goedere of dienste, verhuring aan ander, of vir administratiewe doeleindes, en daar word verwag dat dit vir meer as een tydperk gebruik kan word.

Die koste van 'n item of eiendom, aanleg/perseel en toerusting word as 'n bate beskou indien:

- dit waarskynlik is dat toekomstige voordele of diens wat potensieel met die item geassosieer word, na die entiteit sal vloei; en
- die koste van die item betroubaar gemeet kan word.

Bates wat gedurende die boekjaar aangekoop is, word aan die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) geskenk om te doeltreffende batebestuur te verseker. Aan die einde van die jaar word dit onttrek om rekenskap te gee vir die effek van die skenking teen drawaarde soos jaarliks op 31 Maart.

1.6 Finansiële instrumente

Die finansiële instrumente van die entiteit word as óf bates óf laste gekategoriseer.

'n Finansiële instrument is enige kontrak wat tot 'n finansiële bate van een entiteit en 'n finansiële las of oorblywende rente vir 'n ander entiteit lei.

Die gedelgde koste van 'n finansiële bate of las is die bedrag waarteen die finansiële bate of las gemeet teen aanvanklike erkenning minus terugbetaling van die hoofsom, plus of minus die kumulatiewe delging deur die effektiwerente-metode van enige verskil tussen die aanvanklike bedrag en die vervalbedrag, en minus enige vermindering (direk of deur die gebruik van 'n poelrekening) vir waardevermindering of oninbaarheid.

Rentekoersrisiko is die risiko dat die billike waarde of toekomstige kontantvloei van 'n finansiële instrument weens veranderinge in die markrentekoerse sal fluktrueer.

Leningsbetaalbares is finansiële laste, anders as korttermynbetaalbares op normale kredietbepalings.

Klassifikasie

Die entiteit het die volgende tipes finansiële bates (klasse en kategorieë), soos in die staat van die finansiële posisie of in die notas daarvoor weerspieël word:

Klas

Kontant en kontantekwivalente
Ontvangbares van ruiltransaksies
Ontvangbares van nie-ruiltransaksies

Kategorie

Finansiële bate gemeet teen delgingskoste
Finansiële bate gemeet teen delgingskoste
Finansiële bate gemeet teen delgingskoste

Die entiteit het die volgende tipes finansiële laste (klasse en kategorieë), soos in die staat van die finansiële posisie of in die notas daarvoor weerspieël word:

Klas

Betalbares van ruiltransaksies
Onbestede voorwaardelike toelaes

Kategorie

Finansiële las gemeet teen delgingskoste
Finansiële las gemeet teen delgingskoste

Aanvanklike meting vir finansiële bates of finansiële laste

Die entiteit meet 'n finansiële bate en 'n finansiële las, anders as dié wat daarna teen billike waarde gemeet word, aanvanklik teen sy billike waarde plus transaksiekoste wat direk aan die verkryging of uitreiking van die finansiële bate of finansiële las toeskryfbaar is.

Die entiteit meet alle ander finansiële bates en finansiële laste aanvanklik teen billike waarde.

1.6 Finansiële instrumente (vervolg)

Daaropvolgende meting van finansiële bates en finansiële laste

Die entiteit meet alle finansiële bates en finansiële laste ná die aanvanklike erkenning deur die volgende kategorieë te gebruik:

- Finansiële instrumente teen billike waarde..
- Finansiële instrumente teen delgingskoste.

Alle finansiële instrumente wat teen delgingskoste gemeet word, is onderhewig aan 'n waardeverminderingsoorsig.

Die delgingskoste van 'n finansiële bate of finansiële las is die bedrag waarteen die finansiële bate of finansiële las met aanvanklike erkenning gemeet is, minus hoofsomterugbetaling, plus of minus die kumulatiewe delging, deur die effektiwewerentemethode van enige verskil tussen daardie aanvanklike bedrag en die vervalbedrag te gebruik, en minus enige vermindering (direk of deur die gebruik van 'n toelaerekening) vir waardevermindering of oninbaarmaking in die geval van 'n finansiële bate.

Teenprestasies vir billikewaardemeting

Die bestuur stel billike waarde vir finansiële instrumente vas deur sekere waardasietegnieke te gebruik. Dit sluit die gebruik van armlengtetransaksies, verwysing na ander instrumente wat wesenlik dieselfde is, verdiskonteerde kontantvloeioontledings in en maak so min as moontlik op entiteit-spesifieke insette staat.

Finansiële bates gemeet teen delgingskoste

As daar objektiewe bewyse is dat 'n waardeverminderingsverlies op finansiële bates, gemeet teen delgingskoste, voorgekom het, word die bedrag van die verlies gemeet as die verskil tussen die drabedrag van die bate en die huidige waarde van beraamde toekomstige kontantvloeio (uitgesluit toekomstige kredietverliese wat nie aangegaan is nie) teen die oorspronklike effektiwewerente koers van die finansiële bate verdiskonteer. Die drabedrag van die bate word deur die gebruik van 'n toelaerekening verminder. Die bedrag van die verlies word in surplus of tekort erken.

Indien die bedrag van waardeverminderingsverlies in 'n daaropvolgende tydperk afneem en die afname objektief aan 'n gebeurtenis gekoppel kan word wat plaasgevind het nadat die waardevermindering erken is, word die vorige erkende waardeverminderingsverlies omgekeer deur die toelaerekening aan te pas. Die omkering het nie 'n drabedrag van die finansiële bate tot gevolg wat die delgingskoste oorskry wat sou gewees het as die waardevermindering nie erken was op die datum dat die omkering gemaak is nie. Die bedrag van die omkering word in surplus of tekort erken.

Waar finansiële bates deur die gebruik van 'n toelaerekening waardeverminderd is, word die bedrag van die verlies in surplus of tekort in die bedryfsuitgawes erken. Wanneer sulke finansiële bates afgeskryf word, word die afskrywing teen die tersaaklike toelaerekening gedoen. Daaropvolgende verhalings van bedrae wat voorheen afgeskryf is, word teen bedryfsuitgawes gekrediteer.

Onttrekking

Finansiële bates

Die entiteit onttrek finansiële bates deur handelsdatumrekeningkunde te gebruik.

Met die onttrekking van 'n finansiële bate in sy geheel, word die verskil tussen die drabedrag en die som van die teenprestasie wat ontvang is, as 'n surplus of tekort erken.

Finansiële laste

Die entiteit verwyder 'n finansiële las (of 'n deel van 'n finansiële las) van sy staat van die finansiële posisie wanneer dit uitgewis is – m.a.w. wanneer die verpligting wat in die kontrak gespesifiseer is, onthef of gekanselleer word, verval het of daarvan afstand gedoen is.

Die verskil tussen die drabedrag van 'n finansiële las (of 'n deel van 'n finansiële las) wat uitgewis of aan 'n ander party oorgedra is, en die teenprestasie betaal is, insluitend enige nie-kontantitems wat oorgedra of laste wat aanvaar word, word in surplus of tekort erken. Enige laste waarvan afstand gedoen is, of vergewe is of deur 'n nie-ruiltransaksie deur 'n ander entiteit aanvaar is, word ooreenkomstig die Standaard van die AERP oor Inkomste van Nie-ruiltransaksies (Belastings en oordragte) aangeteken.

1.7 Statutêre ontvangbares

Statutêre ontvangbares is ontvangbares wat uit wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke wyses voorkom en vereffening deur 'n ander entiteit in kontant of 'n ander finansiële bate vereis.

Drabedrag is die bedrag waarteen die bate in die staat van die finansiële posisie erken word.

Die kostemethode is die metode wat gebruik word om statutêre ontvangbares wat vereis dat sodanige ontvangbares aangeteken word teen hulle transaksiebedrag plus opgehoopte rente of ander heffings (waar toepaslik), en minus enige geakkumuleerde waardeverminderingsverliese en enige bedrae wat onttrek is.

Nominale rentekoers is die rentekoers en/of basis wat in die wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke wyses gespesifiseer word.

Die transaksiebedrag vir 'n statutêre ontvangbare beteken die bedrag wat ooreenkomstig wetgewing, ondersteunende regulasies of ander wyses gespesifiseer, bereken of gehef word.

1.8 Voorrade

Voorrade word aanvanklik teen koste bereken, buiten waar voorrade deur 'n nie-ruiltransaksie bekom is; dan word die koste hulle billike waarde teen die datum van verkryging.

Daarna word voorrade teen die laagste koste en netto realiseerbare waarde gemeet.

Voorrade word teen die laagste koste en huidige vervangingskoste gemeet waar dit gehou word vir:

- verspreiding sonder vergoeding of vir 'n nominale fooi; of
- verbruik in die produksieproses van goedere wat teen geen koste of 'n nominale fooi versprei word.

Netto realiseerbare waarde is die beraamde verkoopprijs in die normale verloop van bedrywighede, minus die beraamde koste van voltooiing en die beraamde koste om te verkoop, te ruil of te versprei.

Die koste van voorrade word toegewys deur die geweegdegemiddelde kosteformule te gebruik. Dieselfde kosteformule word vir alle voorrade van soortgelyke aard en nut vir die entiteit gebruik.

1.9 Gebeurlikheidslaste

'n Beraming vir gebeurlikheidslaste word gemaak wanneer 'n entiteit 'n huidige wetlike verpligting as gevolg van gebeure in die verlede het, dit waarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne vereis gaan word om die verpligting te vereffen, en 'n betroubare beraming van die verpligting gemaak kan word.

Gebeurlikheidslaste word nie erken nie. Gebeurlikhede word in nota 20 openbaar gemaak.

1.10 Verbintenisse

Items word as verbintenisse geklassifiseer as 'n entiteit hom tot toekomstige transaksies verbind het wat normaalweg 'n uitvloeï van kontant tot gevolg sal hê.

Openbaarmakings word vereis ten opsigte van nie-erkende kontraktuele verbintenisse.

Verbintenisse waarvoor openbaarmaking nodig is ten einde 'n billike verteenwoordiging te verkry, behoort in 'n nota by die finansiële state openbaar gemaak te word indien dit aan beide die volgende kriteria voldoen:

- Kontrakte behoort nie-kanselleerbaar of slegs teen beduidende koste kanselleerbaar te wees (byvoorbeeld kontrakte vir die instandhoudingsdienste vir rekenaars of geboue); en
- Kontrakte behoort aan iets anders as die roetine-, vaste, staatsbedrywighede van die entiteit verband te hou – salarisverpligtinge wat met dienskontrakte verband hou, of verbintenisse van maatskaplike sekuriteitsvoordele, is dus uitgesluit.

1.11 Inkomste uit ruiltransaksies

Erkenning

Inkomste word erken wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei en die bedrag van die inkomste betroubaar gemeet kan word, en daar aan spesifieke kriteria vir die aktiwiteite van die entiteit voldoen is. Inkomste van die lewering van dienste word in surplus of tekort erken in verhouding tot die stadium van voltooiing van die transaksie teen die verslagdatum.

Inkomste is die bruto invloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk as hierdie invloei 'n toename in netto bates, buiten 'n toename van bydraes van eienaars, tot gevolg het.

'n Ruiltransaksie is 'n transaksie waar die entiteit bates of dienste ontvang, of laste uitgewis is, en wat direk iets in teen benaderde gelyke waarde (hoofsaaklik in die vorm van goedere, dienste of die gebruik van bates) aan die ander party in ruil gee.

Billike waarde is die bedrag waarvoor 'n bate geruil of 'n las tussen kundige en gewillige partye in 'n armlengtetransaksie vereffen kan word.

Meting

Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang of ontvangbaar is. Die bedrag word nie beskou as iets wat betroubaar gemeet kan word totdat alle gebeurlikhede ten opsigte van die transaksie afgehandel is nie.

Rente, tantieme en dividende

Rente word in surplus of tekort erken deur die effektiewerentekoersmetode te gebruik.

1.12 Inkomste uit nie-ruiltransaksies

Erkenning

'n Invloei van hulpbronne van 'n nie-ruiltransaksie wat as 'n bate erken is, word as inkomste erken, buiten tot die mate dat 'n las ook ten opsigte van dieselfde invloei erken word.

Wanneer die entiteit aan 'n huidige verpligting voldoen wat as 'n las erken word ten opsigte van 'n invloei van hulpbronne van 'n nie-ruiltransaksie wat as bate erken is, verminder dit die drabedrag van die erkende klas en erken dit 'n bedrag van inkomste gelyk aan daardie vermindering.

Meting

Inkomste van 'n nie-ruiltransaksie word gemeet teen die bedrag van die toename in netto bates wat deur die entiteit erken word.

Wanneer die entiteit 'n bate erken as gevolg van 'n nie-ruiltransaksie, erken dit ook inkomste gelyk aan die bedrag van die bate gemeet teen sy billike waarde op die datum van verkryging, tensy dit ook vereis word om 'n las te erken. Wanneer vereis word dat 'n las erken word, sal dit teen die beste beraming van die bedrag wat vereis word om die verpligting op die verslagdatum te vereffen, erken word, en die bedrag van die toename in netto bates, indien enige, word dan as inkomste erken. Wanneer 'n las dan daaropvolgend verminder word omdat die belasbare gebeurtenis plaasvind of 'n voorwaarde nagekom is, word die bedrag van die vermindering in die las as inkomste erken.

Voorwaardelike toelaes en ontvangste

Inkomste wat uit voorwaardelike toelae, donasies en befondsing ontvang is, word as inkomste erken in die mate dat die entiteit aan enige van die kriteria, voorwaardes of verpligtinge voldoen wat in die ooreenkoms vervat is. Indien die kriteria, voorwaardes of verpligtinge nie nagekom is nie, word 'n las erken.

Rente op beleggings verdien word ooreenkomstig die voorwaardes van die toelae behandel. Indien dit aan die verlener betaalbaar is, word dit as 'n las aangeteken, en, indien nie, word dit in die Staat van Finansiële Prestasie as rente verdien erken.

Toelae wat die entiteit vir uitgawes vergoed wat aangegaan is, word op 'n sistematiese basis in dieselfde tydperke waarin die uitgawes erken word, in surplus of tekort erken.

1.12 Inkomste uit nie-ruiltransaksies (vervolg)

Geskenke en skenkings, insluitend goedere *in natura*

Geskenke en skenkings, insluitend goedere *in natura*, word as bates en inkomste erken wanneer dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of diens potensieel na die entiteit sal vloei en die billike waarde van die bates betroubaar gemeet kan word.

Dienste *in natura*

Die entiteit erken dienste *in natura* wat beduidend tot sy bedrywighede en/of diensleweringsdoelwitte bydra. Die verwante inkomste word erken wanneer dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei en betroubaar gemeet kan word. 'n Uitgawe in gelyke waarde word onmiddellik erken vir die gebruik van die diens.

Waar dienste *in natura* nie beduidend op die bedrywighede is nie en/of diensleweringsdoelwitte nie aan die kriteria vir erkenning voldoen nie, maak die entiteit openbaar die aard en tipe dienste *in natura* wat gedurende die verslagtydperk ontvang is.

Dienste *in natura* is dienste wat sonder vergoeding deur individue aan entiteite gelever word, maar tog aan stipulasies onderworpe mag wees.

1.13 Omsetting van buitelandse geldeenhede

Transaksies in buitelandse valuta

'n Transaksie met 'n buitelandse geldeenheid word met aanvanklike erkenning in Rande aangeteken deur die presiese wisselkoers tussen die funksionele geldeenheid en die buitelandse geldeenheid op die datum van die transaksie toe te pas.

Transaksies wat in buitelandse geldeenhede gegee word, word teen die wisselkoers op die transaksiedatum omgesit. Monetêre items wat in buitelandse geldeenhede gegee word, word teen die wisselkoers op die verslagdatum omgesit. Winste en verliese wat uit die omsetting voortvloei, word teen surplus/tekort aangedui.

1.14 Vergelykende syfers

Waar nodig, word vergelykende syfers geherklassifiseer om in pas met veranderinge in aanbieding in die huidige jaar te wees.

1.15 Uitgawes

Finansiële transaksies in bates en laste

Skuld word afgeskryf wanneer dit as oninbaar geïdentifiseer word. Afgeskrewe skuld is beperk tot die besparingsbedrag en/of onderbesteding van toegewysde fondse. Die afskrywing gebeur aan die einde van die jaar of wanneer fondse beskikbaar is. Geen voorsiening vir oninbare bedrae word gemaak nie, maar bedrae word in 'n openbaarmakingsnota openbaar gemaak. Alle ander verliese word erken wanneer magtiging vir die erkenning daarvan gegee word.

Vrugtelose en verkwistende uitgawes

Vrugtelose en verkwistende uitgawes beteken uitgawes wat sinloos aangegaan en voorkom kon gewees het as redelike sorg uitgeoefen is.

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word aanvanklik in die finansiële notas erken wanneer die bedrae bevestig word.

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word erken wanneer dit waarskynlik is dat die bedrag van die verantwoordelike party verhaal kan word en die bedrag betroubaar gemeet kan word; 'n ontvangbare word as 'n bate in die Staat van die Finansiële Posisie erken.

Die ontvangbare word gemeet aan die bedrag wat na verwagting verhaal kan word tot op die tyd dat die uitgawe van die verantwoordelike persoon verhaal is, of as oninbaar in die Staat van Finansiële Prestasie afgeskryf is.

1.15 Uitgawes (vervolg)

Onreëlmatige uitgawes

Onreëlmatige uitgawes, soos gedefinieer in Artikel 1 van die WOFB is uitgawes buiten ongemagtigde uitgawes, hetsy dit 'n oortreding is of nie ooreenkomstig 'n vereiste van enige toepaslike wetgewing is nie, insluitend –

- Hierdie Wet; of
- Die Wet op Staatstenderrade, 1968 (Wet no. 86 van 1968), of enige regulasies wat kragtens hierdie wet gemaak is; of
- enige provinsiale wet wat vir verkrygingsprosedures in daardie provinsiale regering voorsiening maak.

Onreëlmatige uitgawes word aanvanklik in die notas by die finansiële state erken wanneer die uitgawe geïdentifiseer en die bedrag as onreëlmatig bevestig is.

Indien die uitgawe nie deur die tersaaklike gesag gekondoneer word nie, en daar 'n wetlike verpligting of 'n bepaling is om die bedrag van 'n aanspreeklike party te verhaal, word die uitgawe geherklassifiseer en in die staat van die finansiële posisie as 'n ontvangbare (bate) erken. Hierdie ontvangbare word gemeet as die bedrag wat verhaal gaan word.

- As daar nie 'n verwagting van enige toekomstige ekonomiese voordele is wat na die entiteit gaan vloei nie en verhaalbaarheid onwaarskynlik is, word die uitgawe as 'n uitgawe (nie verhaalbaar nie) afgeskryf.

Oordragte en subsidies

Oordragte en subsidies word as 'n uitgawe erken wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel in werking tree (teen nie later as 31 Maart van elke jaar nie).

1.16 Opgehoopte surplus

Die opgehoopte surplus verteenwoordig die netto verskil tussen die totale bates en die totale laste van die entiteit. Enige surplusse en tekorte wat gedurende 'n spesifieke boekjaar gerealiseer het, word teen opgehoopte surplus/tekort gekrediteer of gedebiteer. Aanpassings van die vorige jaar ten opsigte van inkomste en uitgawes word teen opgehoopte surplus gedebiteer of gekrediteer wanneer terugwerkende aanpassings gemaak word.

1.17 Begrotingsinligting

Die goedgekeurde begroting is op 'n kontantbasis voorberei en deur ekonomiese klassifikasie gekoppel aan die prestasie-uitkomsdoelwitte aangebied. AERP 24 vereis dat die begrotingstaat op 'n vergelykbare basis teenoor die Goedgekeurde Begroting, insluitend die begrotingsklassifikasie, soos gepubliseer, openbaar gemaak word.

Die goedgekeurde begroting dek die fiskale tydperk van 4/1/2024 tot 3/31/2025.

Die Finansiële Jaarstate en die begroting is nie op dieselfde rekeningkundige basis nie; daarom is 'n vergelyking met die begrote bedrae vir die verslagtydperk in die Staat van Vergelyking van die begroting en werklike bedrae ingesluit.

Die bestuur ag 'n wesenlike afwyking as 'n afwyking van 5% of meer op die begroting. Redes vir wesenlike afwykings word in die Notas tot Finansiële Jaarstate verduidelik.

1.18 Verwante partye

'n Verwante party is 'n persoon of 'n entiteit met die vermoë om die ander party te beheer, of gesamentlik te beheer, of wat beduidende invloed op die ander party uitoefen, of omgekeerd, of 'n entiteit wat aan algemene beheer, of gesamentlike beheer onderworpe is.

Beheer is die mag om finansiële of bedryfsbeleide van 'n entiteit te bestuur met die doel om voordele uit sy aktiwiteite te trek.

Gesamentlike beheer is die ooreengekome deel van beheer oor 'n aktiwiteit deur 'n bindende ooreenkoms, en bestaan slegs wanneer die strategiese finansiële en bedryfsbesluite wat met die aktiwiteit verband hou, die eenparige toestemming van die partye wat die beheer deel (die ondernemers), vereis.

'n Verwantepartytransaksie is 'n oordrag van hulpbronne, dienste of verpligtinge tussen die verslagdoenende entiteit en 'n verwante party, ongeag of 'n prys gevra word.

1.18 Verwante partye (vervolg)

Beduidende invloed is die mag om aan die finansiële en bedryfsbeleidsbesluite van 'n entiteit deel te neem, maar is nie die beheer oor sulke beleide nie.

Bestuur is daardie persone wat verantwoordelik is vir die beplanning, rigting en beheer van die aktiwiteite van die entiteit, insluitend diegene wat kragtens wetgewing in bevel is van die bestuur van die entiteit, in gevalle waar van hulle verwag word om sodanige funksie te verrig.

Nabye familieleden van 'n persoon word beskou as mense wat na verwagting daardie persoon kan beïnvloed, of deur daardie persoon beïnvloed kan word, in hulle handelinge met die entiteit.

Die entiteit is vrygestel van die vereiste van openbaarmaking ten opsigte van verwanteparty-transaksies indien daardie transaksie plaasvind binne normale verskaffer- en/of kliënt-/ ontvanger-verhoudings van bepalinge en voorwaardes wat nie meer of minder voordelig is as wat redelik is om te verwag die entiteit aangeneem het in handelinge met 'n individuele entiteit of persoon in dieselfde omstandighede, en bepalinge en voorwaardes wat binne die normale bedryfsparameters val wat deur daardie verslagdoenende entiteit se wetlike mandaat gevestig is.

Waar die entiteit van openbaarmaking ooreenkomstig bogenoemde vrygestel is, maak die entiteit narratiewe inligting oor die aard van die transaksies en die verwante uitstaande saldo's bekend, sodat gebruikers van die entiteit se finansiële state die effek van die verwantepartytransaksies op sy Finansiële Jaarstate kan verstaan.

1.19 Gebeurtenisse ná die verslagdoeningsdatum

Gebeurtenisse ná die verslagdoeningsdatum is daardie gunstige of ongunstige gebeurtenisse wat tussen die verslagdoeningsdatum en die datum waarop die finansiële state vir publikasie gemagtig word, plaasvind. Twee tipes gebeurtenisse kan geïdentifiseer word:

- dié wat bewyse lewer van toestande wat op die verslagdoeningsdatum bestaan het (gebeurtenisse ná die verslagdatum wat aanpassings vereis); en
- dié wat toestande aandui wat ná die verslagdoeningsdatum voorgekom het (gebeurtenisse ná die verslagdatum wat nie aanpassings vereis nie).

Die entiteit sal die bedrag wat in die finansiële state erken word, aanpas om gebeurtenisse ná die verslagdatum wat aanpassing vereis, te weerspieël nadat die gebeurtenis plaasgevind het.

Die entiteit sal die aard van die gebeurtenis openbaar maak, sowel as 'n beraming van die finansiële effek daarvan, of 'n staat dat sodanige beraming nie vir alle wesenlike gebeurtenisse wat nie aanpassings vereis nie, gemaak kan word nie, waar nie-openbaarmaking die ekonomiese besluite van gebruikers, wat op grond van die finansiële state gemaak word, kan beïnvloed.

1.20 Belasting op toegevoegde waarde (BTW)

Die entiteit is vrygestel van BTW-registrasie. As enige befondsing egter ontvang word wat vereis dat die entiteit as BTW-handelaar moet registreer, sal sodanige aansoek ingedien word.

Notas by die Finansiële Jaarstate

Syfers in Rand duisend	2025	2024
------------------------	------	------

2. Standaarde en interpretasies

2.1 Standaarde en interpretasies uitgereik, maar nog nie in werking

Die entiteit het nie die volgende standarde en interpretasies, wat gepubliseer en verpligtend vir die entiteit se rekeningkundige tydperk is wat op of ná 1 April 2025 of later begin, toegepas nie:

Standaard/ Interpretasie:	Effektiewe datum: Jare wat begin op of ná	Verwagte impak
AERP 1 (gewysig): Aanbieding van Finansiële State (Lopende Saak)	Nog nie in werking nie	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees
AERP 104 (soos hersien): Finansiële Instrumente	1 April 2025	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees

WES-KAAPSE TAALKOMITEE
 Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2025
 Notas by die Finansiële Jaarstate

Syfers in Rand duisend	2025	2024
------------------------	------	------

3. Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:

Banksaldo's	1 515	2 655
Korttermyndeposito's	9 002	7 314
	<u>10 517</u>	<u>9 969</u>

Kredietgehalte van kontant by bank en korttermyndeposito's, uitgesluit kontant byderhand

Kontant en kontantekwivalente omsluit kontant en korttermyn-, hoë likiede beleggings wat in geregistreeerde bankinstellings gehou word, met vervaldatums van drie maande of minder, en wat aan onbeduidende rentekoersrisiko's onderworpe is. Die drabedrag van hierdie bates is by benadering gelyk aan hulle billike waarde.

4. Voorrade

Plakette	<u>140</u>	<u>149</u>
----------	------------	------------

Vorrade bestaan uit provinsiale erfenisterreine en QR-kodeplakette wat gebruik word om erfenisterreine te identifiseer. Plakette is gedurende die jaar onder oorsig versprei.

5. Ontvangbares uit ruiltransaksies

Opgehoopte rente	<u>8</u>	<u>50</u>
------------------	----------	-----------

6. Betaalbares van nie-ruiltransaksies

Ander ontvangbares van nie-ruilinkomste	<u>-</u>	<u>-</u>
---	----------	----------

Bykomende befondsing van die Departement van Kultuursake en Sport ontvang om die bedrywighede van die Entiteit verder te ondersteun.

7. Betaalbares van ruiltransaksies

Handelsbetaalbares	<u>17</u>	<u>-</u>
--------------------	-----------	----------

8. Onbestede voorwaardelike toelaes

Onbestede voorwaardelike toelaes en ontvangstes bestaan uit

Nasionale Loteryraad: Projek vir Baboon Point Bewaringsbestuursplan ¹	98	144
Nasionale Departement van Toerisme: Gedenkteken vir die Gugulethu Sewe ²	2	21
VSA Ambassadeursfonds: Kulturele bydrae vir die bewaring van die Diepkloof Rotsskuiling	-	1
	<u>100</u>	<u>166</u>

¹ Fondse is vir die vertolkende naamborde by die Baboon Point Erfenisterrein benut.
² Fondse is vir die vertolkende naamborde by die Gugulethu Sewe Erfenisgedenkterrein benut..

9. Erfenisaansoekfooie

Aansoekfooie	<u>911</u>	<u>845</u>
--------------	------------	------------

Toename in aansoekfooie is weens die vraaggedrewe aard van die inkomstebron.

Notas by die Finansiële Jaarstate

Syfers in Rand duisend	2025	2024
10. Rente-inkomste		
Rente ontvang	799	827
Die afname is grootliks te wyte aan die wisseling in die rentekoers.		
11. Ander inkomste uit nie-ruiltransaksies		
Skenking: Dienste in natura ¹	8 210	7 394
¹ Verwys na nota 16 vir die besonderhede oor die Skenking: Dienste in natura.		
12. Oordragte en subsidies ontvang		
Departementele oordrag ontvang	2 500	1 893
Bykomende befondsing van die Departement van Kultuursake en Sport ontvang om die bedrywighede van die entiteit verder te ondersteun.		
13. Benutting van voorwaardelike toelaag		
Benutting van voorwaardelike toelaag	66	303
Fondse is vir die naamborde by die Gugulethu Sewe Gedenkterrein en Baboon Point Erfenisterrein benut.		
14. Ouditfooie		
Eksterne audit	102	78
Die toename is grootliks weens uitgawes wat vir die 2024/25-oudit aangegaan is.		
15. Regskoste		
Regskoste		1 241
Die saak in verband met die "Monstergebou" in Buitengracht, Kaapstad is in die 2023/24-boekjaar gefinaliseer en die Entiteit moes die gepaardgaande regskoste betaal.		

Syfers in Rand duisend	2025	2024
------------------------	------	------

16. Dienste in natura

Werknemerskoste: Dienste in natura	8 210	7 394
------------------------------------	-------	-------

Beampes in diens van die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) vervul die uitvoerende en administratiewe funksies wat met Erfenis Wes-Kaap (EWK) geassosieer word. Beampes wat aan die Openbare Entiteit toegewys is, sluit die eenheid in wat vir die bestuur van die erfenishulpbronne verantwoordelik is en die Finansiëlebestuurseenheid wat die Hoof- Finansiële Beampte (HFB) ondersteun wat vir die finansiële bestuur van die DKES en die EWK verantwoordelik is. Die dienste in natura wat deur hierdie beampes verskaf word, is beduidend vir die bedryfs- en diensleweringsoelwitte van die EWK; dus word hulle vergoeding in die Staat van Finansiële Prestasie van die EWK erken, soos deur EARP 23 vereis word.

Die Direkteur: Museums, Erfenis en Geografiese Name, wat ook die aangestelde Hoof- Uitvoerende Beampte van die EWK is, die Hoof- Finansiële Beampte, en sekere beampes in die Direktoraat: Museums, Erfenis en Geografiese Name, vervul dubbele rolle omdat hulle dienste aan beide die DKES en die EWK verskaf. Dit is moeilik om die tyd wat hulle aan funksies van die EWK bestee, in verhouding te verdeel; as gevolg hiervan kan die dienste wat in natura deur hierdie amptenare verskaf word, nie betroubaar gemeet word nie en word dus van die dienste in natura uitgesluit wat in die Staat van Finansiële Prestasie van die EWK erken word, soos deur AERP 23 vereis, aangesien die dienste in natura wat deur die amptenare aan die EWK verskaf word, nie inpas by die kriteria vir erkenning nie.

17. Algemene uitgawes

Advertensies ¹	218	63
Spyseniering ²	126	80
Kommunikasie	58	58
Verbruiksgoedere	5	-
Konsultasie- en uitgekontraakteerde dienste ³	71	392
Drukwerk en skryfbehoeftes ⁴	105	66
Hernuwing van sagtewarelisensie ⁵	135	46
Reis en verblyf ⁶	117	74
Lokaalverhuring ²	7	-
	842	779

¹ 'n Openbare kennisgewing is vir kommentaar gepubliseer oor die Konsepbeleids- en -proseduredokumente vir die plasing van erfenishulpbronne op die Erfenisregister.

² Uitgawes sluit konferensiekoste in vir erkenning van die UNESCO Wêrelderfenisterrein-inskripsie by Pinnacle Point.

³ 'n Wandelpad is in die 2023/24-boekjaar by die genomineerde UNESCO Wêrelderfenisterrein by die Diepkloof Rotsskuiling ontwikkel.

⁴ Uitgawes sluit die druk van die Vyfjaar- Strategiese Plan in.

⁵ 'n Bykomende sagtewarelisensie is gedurende die jaar onder oorsig bekom.

⁶ Uitgawes sluit pontkoste vir die skoonmaak van die Robbeneiland-projek in. Reis- en verblyfkoste sluit geld vir vervoeragentskappe in.

Notas by die Finansiële Jaarstate

Syfers in Rand duisend	2025	2024
17. Ledegeld		
Bailey, E	15	-
Baumann, N	10	17
Belter, D	25	55
Boise, H	59	39
Cloete, J	1	-
Dugmore-Strom, K	2	-
Fortuin, C	32	30
Gani, R	31	17
Gibbs, D	31	36
Hermansen, S	11	11
Humpherys, R	13	-
Jacobs, G	26	36
Johnston, S	30	32
Lavin, J	15	14
Malan, A	36	11
Martin, R	28	36
Mavumengwana, S	35	24
Mdludlu, M	10	7
Milandri, L	17	19
Ontong, T	34	32
Saunders, D	34	30
Smart, C	29	20
Smuts, K	30	35
Van de Merwe, H	44	54
Van Graan, A	17	19
Wilson-Harris, J	36	20
Winter, S	29	30
Witz, L	8	-
	688	624

Daar was gedurende die jaar onder oorsig 'n toename in die aantal vergaderings wat gehou is en die tyd wat aan voorbereidings vir die vergadering bestee is.

WES-KAAPSE TAALKOMITEE
 Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2025
 Notas by die Finansiële Jaarstate

Syfers in Rand duisend	2025	2024
19. Kontant uit bedrywighede gegenereer		
Surplus	2 546	1 146
Nie-kontantbewegings		
Inkomste: Dienste in natura	8 210	7 394
Uitgawes: Dienste in natura	(8 210)	(7 394)
Verspreiding van voorrade	9	-
Benutting van voorwaardelike toelaag	(66)	-
Veranderinge in werkende kapitaal:		
Vorrade	-	(29)
Ontvangbares uit ruiltransaksies	42	3
Ander ontvangbares uit nie-ruiltransaksies	(2 000)	-
Betaalbares van ruiltransaksies	17	(32)
Onbestede voorwaardelike toelaes	-	(1)
	548	1,087

20. Gebeurlikheidslaste

MIDNIGHT STORM INVESTMENTS 170 (PTY) LTD v MINISTER VAN KUNS EN KULTUUR en ander, saak 46055/15

Midnight Storm Investments 170 (Pty) Ltd v Minister van Kultuur en Ander, wat na 'n hofsak verwys wat in die Noord-Gautengse Hooggeregshof aanhangig gemaak is. Die saak spruit uit 'n besluit wat deur Erfenis Wes-Kaap (EWK) geneem is om nie die beplande luuksebehuisingsontwikkeling, hersonering en onderverdelingsregte van 'n eiendom, wat 'n provinsiale erfenisterrein (PET) is, goed te keur nie. EWK is as 'n derde verweerder en die LUR vir die Departement van Kultuursake en Sport van die Wes-Kaap is as die vyfde verweerder ingesluit. Die eienaars het 'n dagvaarding uitgereik om die koste wat hulle al op die grond bestee het, te herwin, aangesien hulle beweer dat die verklaring hulle eiendomsregte beperk en as konstruktiewe onteiening gesien behoort te word. Die saak is van 29 Julie 2019 tot 2 Augustus in die Hooggeregshof aangehoor, en is in Januarie 2020 afgesluit met die slotbetoë. Die hof het in die guns van die verweerders beslis. Ná die uitspraak is verlof tot appèl op 5 Junie 2020 deur die Gautengse Hooggeregshof toegestaan. Indien die eis by die Appèlhof suksesvol is, word die EWK se las op R8,2 miljoen geraam, tensy EWK, of alternatiewelik, die nasionale Minister van Kuns en Kultuur die Konstitusionele Hof nader om 'n finale uitspraak oor die saak te gee. Die appellant/aansoeker het daaropvolgend die EWK genader om 'n skikking oor die saak te oorweeg en het 'n verdere aansoek vir 'n ontwikkeling aangrensend aan die PET ingedien. Die appèl is dienooreenkomstig in afwagting van hierdie aansoek uitgestel. Indien die saak geskik word, sal hierdie gebeurlikheidslas verval.

EWK-bestuur is van mening dat die gebeurlikheidslas gegrond is op die waarde van die grond wat ter sprake is. Die kanse dat die eiser sal slaag, is minimaal, aangesien hulle in hulle eerste poging gefaal het en die Senior Advokaat is vol vertroue dat die appèl nie sal slaag indien dit voortgaan nie.

Notas by die Finansiële Jaarstate

Syfers in Rand duisend

2025

2024

21. Verwante party

Verhoudings

Primêre befondser	Departement van Kultuursake en Sport (DKES)
Strategiese vennoot	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
Strategiese vennoot	Wes-Kaapse Taalkomitee

DKES verskaf akkommodasie aan EWK om hulle administratiewe en finansiële bedrywighede uit te voer en is 'n verwante party in terme van AERP 20.

Die minister van die Departement van Kultuursake en Sport as die uitvoerende gesag is 'n verwante persoon van die EWK in terme van AERP 20.

Die lede van die raad van EWK, soos in nota 18 openbaar gemaak, en die Entiteit is verwante partye in terme van AERP 20.

Die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) het kragtens die bepalings van artikel 8(6)(a) en (d) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (WNEH), gelees saam met Regulasie 4 van die Regulasies GNR 323 van 7 April 2000, die mandaat om die bevoegdheid van provinsiale erfenishulpbronowerheid soos die EWK te assesseer en te herasseseer.

Alle Departemente en Openbare Entiteite in die Wes-Kaap word as verwante partye geag, aangesien hulle onder die algemene beheer van die Provinsiale Wetgewer is.

Transaksies

Inkomste ontvang van verwante party

Departement van Kultuursake en Sport	2 500	1 893
--------------------------------------	-------	-------

Dienste in natura van 'n verwante party ontvang

Departement van Kultuursake en Sport	8 210	7 394
--------------------------------------	-------	-------

22. Risikobestuur

Die aktiwiteite van die Entiteit stel dit bloot aan 'n verskeidenheid finansiële risiko's: markrisiko (billikewaarderentekoersrisiko, kontantvloeirentekoersrisiko), kredietrisiko en likiditeitsrisiko.

Likiditeitsrisiko

Die risiko van die entiteit vir likiditeit is 'n gevolg van die fondse wat beskikbaar is om toekomstige verpligtinge te dek. Die entiteit bestuur likiditeitsrisiko deur 'n deurlopende oorsig van toekomstige verpligtinge en kredietfasiliteite.

Sensitiwiteitsontleding

Indien die rentekoerse op veranderlikekoers- finansiële instrumente op 31 Maart 2025 1% hoër/laer was terwyl alle ander veranderlikes konstant gebly het, sou die surplus vir die jaar R105 164 hoër/laer gewees het.

Kredietrisiko

Kredietrisiko verwys na die risiko dat die teenparty nie sy kontraktuele verpligtinge sal nakom nie, met finansiële verlies vir die Entiteit as gevolg daarvan. Die Entiteit het 'n beleid aangeneem dat hulle slegs met kredietwaardige partye sal werk.

Kredietrisiko bestaan hoofsaaklik uit kontantdeposito's, kontantekwivalente, afgeleide finansiële instrumente en handelskuldenaars. Die Entiteit deponeer kontant slegs by groot banke met hoëgehalte-kredietwaardigheid, en beperk blootstelling aan enige enkele teenparty.

Geen kredietbeperkings is gedurende die verslagdoeningstydperk oorskry nie, en die bestuur verwag nie enige surplusse (tekort) van nie-prestasie deur hierdie teenparty nie.

